

**DIE ERKENNING VAN ELEKTRONIESE DOKUMENTE AS GELDIGE  
TESTAMENTE**

**NATALIE MULVANEY**

**NOVEMBER 2015**

**DIE ERKENNING VAN ELEKTRONIESE DOKUMENTE AS GELDIGE  
TESTAMENTE**

Ingedien ter gedeeltelike vervulling van die vereistes van die graad LLM deur

**NATALIE MULVANEY**

10234820

voorberei onder die begeleiding van

**PROF. M.C. SCHOEMAN-MALAN**

aan die Universiteit van Pretoria

**2015**

## **BEDANKINGS**

**Ek wil graag die volgende persone vir hul bystand, ter voltooiing van hierdie verhandeling bedank:**

Aan professor Linda Schoeman-Malan vir haar leiding, kennis, advies en tyd by die skryf van hierdie skripsie.

Aan Mr. Adriaan Vlotman, van Haasbroek & Boezaart Prokureurs, vir sy hulp met die tegniese en taal versorging van die skripsie.

Aan die direkteure van Haasbroek & Boezaart Prokureurs vir die geleentheid en finansiële bystand om verder te studeer.

Aan my gesin en vriende vir hulle ondersteuning en geduld.

Aan Louis van Bergen vir sy aanmoediging en ondersteuning.

## AFKORTINGS

**Die volgende afkortings sal die genoemde betekenis in hierdie verhandeling hê, teensy daar anders gespesifiseer word:**

AJ	Acta Juridica
AS	Annual Survey of South African Law
DJ	De Jure
DR	De Rebus
EKTW	Elektroniese Kommunikasie en Transaksies Wet 25 van 2002
LAWSA	Law Society of South Africa
PER	Potchefstroom Electronic Law Journal
SA MERC LJ	South African Mercantile Law Journal
SARK	Suid-Afrikaanse Regskommissie
SMS	Short Message Service
THRHR	Tydskrif vir Hedendaagse Romeinse-Hollandse Reg

TSAR	Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg
UMLRJ	University of Michigan Journal of Law Reform
VSA	Verenigde State van Amerika
Wet op Intestate Erfopvolging	Wet op Intestate Erfopvolging 81 van 1987
Wet op Testamente	Wet op Testamente 7 van 1953
Wet tot Wysiging van die Erfreg	Wet tot Wysiging van die Erfreg 43 van 1992

## INHOUDSOPGAWE

<b>AANHEF</b> .....	8
<b>HOOFSTUK 1</b> .....	9
<b>1. INLEIDING</b> .....	9
<b>HOOFSTUK 2</b> .....	12
<b>2. FORMALITEITSVEREISTES</b> .....	12
2.1 Historiese ontwikkeling van formaliteitsvereistes .....	12
2.2 Die vereistes vir 'n geldige testament .....	13
2.3 Nie-nakoming van vereistes in artikel 2(1) .....	14
2.4 Skriftelike dokument as vereiste .....	15
2.5 Ondertekening en handtekening .....	17
<b>HOOFSTUK 3</b> .....	18
<b>3. KONDONASIEBEVOEGDHEID VAN DIE HOF</b> .....	18
3.1 Inleiding en agtergrond .....	18
3.2 Problematiek: Is skrif 'n vereiste kragtens artikel 2(3)? .....	19
3.3 Die howe se interpretasie van skrif .....	19
3.4 Regspraak waar met elektroniese gegenereerde dokumente gehandel is .....	20

<b>HOOFSTUK 4</b> .....	25
<b>4. DIE ELEKTRONIESE TESTAMENT</b> .....	25
4.1 Inleiding .....	25
4.2 Elektroniese Kommunikasie en Transaksies Wet .....	26
4.3 Elektroniese dokument.....	26
4.4 Elektroniese handtekeninge.....	27
4.5 Wesenlikheid.....	29
<b>HOOFSTUK 5</b> .....	31
<b>5. REGSVERGELYKING</b> .....	31
5.1 Inleiding .....	31
5.2 Die Verenigde State van Amerika.....	33
5.3 Vorme van elektroniese testamente.....	36
<b>HOOFSTUK 6</b> .....	42
<b>6. GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS</b> .....	42
6.1 Gevolgtrekking.....	42
6.2 Kritiek teen die elektroniese testament .....	42
6.3 Onlangse studie deur die Meester, Pretoria.....	43
6.4 Aanbeveling .....	44
<b>BIBLIOGRAFIE</b> .....	48

## AANHEF

Artikel 2(1) van die Wet op Testamente maak voorsiening vir die formaliteitsvereistes vir die verlyding van 'n geldige testament. Artikel 2(1) vereis, onder andere, die ondertekening van die “dokument” deur die testateur in die teenwoordigheid van twee getuies. Skrif word derhalwe veronderstel by die opstel en verlyding van 'n testament. Ingevolge artikel 2(3) van die Wet op Testamente word die bevoegdheid aan die hof verleen om die nie-nakoming van formaliteitsvereistes in sekere omstandighede te kondoneer.

Die Elektroniese Kommunikasie en Transaksies Wet (EKTW) stel verskeie doelwitte ten einde hindernisse by die verlyding van elektroniese dokumente te voorkom en uit te skakel. Alhoewel die EKTW die elektroniese formaat van dokumente erken, sluit die wet uitdruklik die opstel van 'n testament, volgens die definisie van 'n “databoodskap”, kragtens artikel 4(4) en skedule 2(3), uit.

Die vraag wat in hierdie verhandeling bespreek word is, of 'n elektronies gegenereerde dokument ingevolge artikel 2(3) van die Wet op Testamente gekondoneer kan word. Vervolgens word ondersoek ingestel na die vraag of 'n elektroniese gegenereerde dokument, wat nie uitgedruk is nie (daar is geen hardekopie nie), maar wat in elektronies formaat opgestel, gestoor of selfs onderteken word, as geldige testamente erken behoort te word. Vanaf 2012 is elektroniese sisteme in die Meesterskantoor, Pretoria, geïmplementeer. Daar bestaan dus 'n moontlikheid dat die Meester elektroniese testamente sal kan prosesseer.

Ten slotte word ondersoek gedoen na die wenslikheid van elektroniese testamente, in die lig van tegnologiese vooruitgang, om 'n dokument wat wel aan die vereistes van die EKTW voldoen as testament te aanvaar.



## HOOFSTUK 1

### 1. INLEIDING

’n Testament word gedefinieer as ’n geskrewe dokument, waarin ’n persoon, by wyse van ’n eensydige, vrywillige, wilsuiting wat op ’n regtens voorgeskrewe wyse plaasgevind het, bepaal wat met sy nalatenskap na sy dood, moet gebeur.<sup>1</sup> Ingevolge artikel 1 van die Wet op Testamente, 7 van 1953,<sup>2</sup> beteken die woord testament ‘ ’n kodusil en enige ander testamentêre geskrif’.<sup>3</sup>

Ingevolge artikel 2(1)(a) en (b) van die Wet op Testamente is daar sekere formaliteitsvereistes waaraan voldoen moet word voordat ’n testament of wysiging van ’n testament, geldig sal wees.<sup>4</sup> Indien daar nie aan hierdie vormvereistes voldoen is nie, is die testament of wysiging daarvan ongeldig.<sup>5</sup> Die vereistes is in die verlede streng uitgelê en dit het daartoe gelei dat testamente wat duidelik die bedoeling van die erflater weergegee het, ongeldig was.<sup>6</sup> Sedert 1 Oktober 1992, kan die hof ingevolge artikel 2(3) van die Wet op Testamente, in sekere gevalle<sup>7</sup> ’n dokument wat nie aan die streng formaliteite voldoen

---

<sup>1</sup> Abrie e.a. *Bestorwe Boedels* (2015) 49.

<sup>2</sup> Die Wet op Testamente 7 van 1953 (soos gewysig deur Wet 48 van 1958, 80 van 1964, 41 van 1965 en 43 van 1992) en hierna verwys na as die Wet op Testamente.

<sup>3</sup> Die Engelse definisie van ’n testament is: ‘*will includes a codicil and any other testamentary writing*’; Abrie e.a. (2015) 49.

<sup>4</sup> De Waal en Paleker *South African Law of Succession and Trusts* (2014) 78; Snail en Matanzima "Electronic wills - beyond the *Macdonald v the Master* decision" 2011 *Without Prejudice* 61-62.

<sup>5</sup> De Waal en Paleker (2014) 80; Du Toit “Artikel 2(3) van die Wet op Testamente 7 van 1953 en substansiële nakoming van formaliteite: vier uitsprake in perspektief” 1996 *THRHR* 472.

<sup>6</sup> Sien *Kidwell v Die Meester* 1983 (1) SA 509 (OK); *The Leprosy Mission v The Master of the Supreme Court* 1972 (4) SA 173 (C).

<sup>7</sup> In die geval van die nie-nakoming van die vereistes soos gestel in artikel 2(1)(a) nie.

nie, kondoneer en die Meester gelas om die dokument as testament te aanvaar.<sup>8</sup> Die hof sal telkens bepaal wat die status van 'n dokument is en of dit as 'n testament geag kan word.<sup>9</sup>

Hierdie verhandeling fokus spesifiek op dokumente wat op 'n elektroniese wyse gegeneer is. Eerstens word die howe se interpretasie van “dokumente” ondersoek ten einde te bepaal of 'n elektroniese weergawe van 'n dokument, as 'n testament kan dien. Verder sal die verskil tussen 'n elektroniese gegeneerde dokument en elektroniese testamente bespreek word.<sup>10</sup> Laasgenoemde sal beantwoord word aan die hand van vooruitgang op die terrein van tegnologiese ontwikkeling, veral die Elektroniese Kommunikasie en Transaksie Wet,<sup>11</sup> wat die erkenning van elektroniese testamente uitdruklik, uitsluit. Regstelsels waar elektroniese testamente erken word sal vergelyk word met die Suid-Afrikaanse posisie.<sup>12</sup>

Met die ontwikkeling van tegnologie, was die howe al gekonfronteer met elektroniese gegeneerde testamente en die moontlikheid word al groter dat die howe al hoe meer gekonfronteer gaan word met elektroniese testamente.<sup>13</sup>

Derhalwe moet daar bepaal word:

- i. of 'n dokument wat elektronies opgestel is, as 'n testament deur die hof gekondoneer kan word; en
- ii. hoe so 'n dokument van elektroniese gegeneerde dokumente verskil; en

---

<sup>8</sup> De Waal en Paleker (2014) 83. Du Toit 1996 *THRHR* 472; Jacobs en Lambrechts "Valid or not? General principles for challenging a will" 2013 *DR* 196; Faber en Du Toit "Suid-Afrikaanse howe se hantering van verlore testamente" 2015 beskikbaar by <http://www.litnet.co.za/suid-afrikaanse-howe-se-hantering-van-verlore-testamente/?session-id=5f1ce721f0b4154895134cdc2b9a93aa>, (geraadpleeg 2 September 2015).

<sup>9</sup> Schoeman-Malan "Diverse probleme rondom die bestaan en geldigheid van 'n testament by die dood van die erflater (deel 2)" 2013 *DJ* 697.

<sup>10</sup> 'n Elektroniese gegeneerde dokument moet egter bedoel wees om die testateur se testament te wees.

<sup>11</sup> Hierna verwys as EKTW.

<sup>12</sup> Papadopoulos "Electronic Wills with an Aura of Authenticity: *Van der Merwe v Master of the High Court and Another*" 2012 *SA Merc LJ* 93; Snail en Hall "Electronic Wills in South Africa, Digital Evidence and Electronic Signatures" 2010 beskikbaar by <http://journals.sas.ac.uk/deeslr/article/view/1925> (geraadpleeg 25 Augustus 2015).

<sup>13</sup> De Waal en Paleker (2014) 80.

- iii. wat as 'n elektroniese testament beskou kan word; en
- iv. of 'n elektroniese dokument as geldige testament erken moet word.

## HOOFSTUK 2

### 2. FORMALITEITSVEREISTES

#### 2.1 Historiese ontwikkeling van formaliteitsvereistes

Die oorsprong van statutêre testamente dateer terug na die Engelse wetgewing bekend as *Statute of Frauds*, 1677.<sup>14</sup> In die Engelse reg moet 'n testament geskrewe en onderteken wees, tesame met die attestasie daarvan deur getuies.<sup>15</sup> 'n Geskrewe testament kan letterlik op enige geskrewe manier opgestel word. Daar is al bewys dat persone hulle testamente op die agterkant van hul armhorlosies, deure en op posstempels opgestel het.<sup>16</sup>

Die Britse parlement het bogenoemde wetgewing, om *inter vivos* en testamentêre oordragte van onroerende eiendom te reguleer, aanvaar.<sup>17</sup> Die Engelse wetgewing het daarvoor voorsiening gemaak dat bemakings, wat onroerende eiendom oordra, op skrif moet wees, aangesien meeste “mondellinge oordragte” bedrieglik van aard was.<sup>18</sup> Die bemaking moes deur die bemaker onderteken word, of deur 'n ander persoon namens die bemaker, wat in sy teenwoordigheid was, en wat opdrag ontvang het om namens hom te teken.<sup>19</sup> Verder moes die dokument onderteken word in die teenwoordigheid van drie of vier

---

<sup>14</sup> Grant "Shattering and moving beyond the Gutenberg paradigm: the dawn of the electronic will" 2008-2009 *UMLRJ* 116.

<sup>15</sup> Geere "Death 20: The future of digital wills" beskikbaar by <http://www.wired.co.uk/news/archive/2010-02/11/death-20-the-future-of-digital-wills> (2010) (geraadpleeg 10 Mei 2013); artikel 7 van die Wills Act, 1837, bepaal dat geen testament geldig sal wees indien die testateur nog nie die ouderdom van agtien jaar bereik het nie. Sien ook De Waal en Paleker (2014) 78.

<sup>16</sup> Geere (2010).

<sup>17</sup> Grant 2008-2009 *UMLRJ* 117.

<sup>18</sup> Van die vroegste mondellinge testamente was die *testamentum calatis commitiis*. Hierdie soort testament het in die teenwoordigheid van die hele volksvergadering plaasgevind omrede die inhoud op 'n latere stadium deur die teenwoordigers getuig kon word. Sien Sonnekus "Videotestamente naas skriftelike testamente" 1990 *TSAR* 119.

<sup>19</sup> Grant 2008-2009 *UMLRJ* 117.

geloofwaardige getuies.<sup>20</sup> Indien dit nie aan hierdie vereistes voldoen nie, sou die bemaking nietig wees.<sup>21</sup>

Die *Wills Act*, wat in 1837 aanvaar is, het sekere geldigheidsvereistes gekodifiseer.<sup>22</sup> Hierdie vereistes sluit kortliks in dat die testament op skrif moet wees en deur die testateur of deur 'n ander persoon in die teenwoordigheid van die testateur, aan die end, voor ten minste twee getuies, onderteken word.<sup>23</sup>

## 2.2 Die vereistes vir 'n geldige testament

Die Engelse model naamlik die “onderhandse testament” is in Suid-Afrika oorgeneem. Kragtens artikel 9 van die *Wills Act* moet 'n testament op skrif wees, maar geen beperkings word op die soort materiaal waarop die testament opgestel is, geplaas nie.<sup>24</sup>

Artikel 2(1)(a) van die Wet op Testamente vereis dat “enige testamentêre geskrif” aan gestelde formaliteitsvereistes moet voldoen.<sup>25</sup> Samevattend is die basiese vereistes dat 'n testateur die testament, aan die end daarvan, onderteken in die teenwoordigheid van twee bevoegde getuies.<sup>26</sup> Die testateur moet ook elke ander bladsy, van die testament, teken en kan teken deur gebruik te maak van 'n merk.<sup>27</sup> Indien laasgenoemde metode van ondertekening gevolg word of indien iemand namens die testateur onderteken moet 'n kommissaris-van-ede-sertifikaat op die testament, kragtens artikel 2(1)(a)(v), aangebring

---

<sup>20</sup> *Ibid.*

<sup>21</sup> *Ibid.*

<sup>22</sup> Grant 2008-2009 *UMLRJ* 118. Sien ook Parry e.a. *The Law of Succession* (2009) 43.

<sup>23</sup> *Ibid.*

<sup>24</sup> *Ibid.*

<sup>25</sup> Corbett e.a. *The Law of Succession in South Africa* (2001) 58. De Waal en Paleker (2014) 80; Snail en Matanzima 2011 *Without Prejudice* 61.

<sup>26</sup> Abrie e.a. (2015) 55; De Waal en Paleker (2014) 80. Sien ook *Kidwell v Die Meester* 1983 (1) SA 509 (OK).

<sup>27</sup> Abrie e.a. (2015) 52. Kragtens Engelse wetgewing is hierdie metode van ondertekening ook aanvaar. Sien Parry e.a. (2009) 43.

word. Uit dié vereistes vir die verlyding van 'n regsgeldige dokument, is dit duidelik dat “skrif” veronderstel word.<sup>28</sup>

Die vereistes soos hierbo uiteengesit moet almal nagekom word alvorens 'n testament geldig sal wees.<sup>29</sup> Die artikel het onder andere ten doel om bedrog te voorkom.<sup>30</sup> Indien 'n testateur te sterwe kom sonder 'n geldige testament, sal sy of haar boedel ingevolge die bepaling van die Wet op Intestate Erfopvolging verdeel word.<sup>31</sup>

### 2.3 Nie-nakoming van vereistes in artikel 2(1)

Indien 'n testament nie aan die formaliteitsvereistes voldoen nie, is dit nie 'n geldige verlyde dokument nie en kan daar nie uitvoering daaraan gegee word nie.<sup>32</sup> Soos hierbo vermeld het die streng uitleg van die formaliteitsvereistes daartoe gelei dat die bedoeling van die testateur dikwels geïgnoreer en gebrekkige ‘testamente’ ter syde gestel is.<sup>33</sup> Ten einde dit te voorkom het die wetgewer ingegryp en aan die hof die bevoegdheid verleen om 'n ‘testament’ te “red”.<sup>34</sup> Die hof het die bevoegdheid ingevolge artikel 2(3) van die Wet op Testamente, om die nie-nakoming van die formaliteite te verskoon.<sup>35</sup> Hierdie bevoegdheid wat aan die hof verleen is, staan bekend as die “kondonasiebevoegdheid”.<sup>36</sup> Die trefwydte van artikel 2(3) is egter beperk tot die nie-nakoming van die formaliteite in subartikel 1(a)

---

<sup>28</sup> Die SARK Hersiening van die Erfreg: Testamentsformaliteite. Projek 22: Werkstuk 14 (1986) par 7.34 het 'n voorlopige standpunt ten gunste van die kondonasiebevoegdheid geneem. Die enigste vereiste wat kragtens hierdie werkstuk vereis was, is dat die dokument op “skrif” moes wees.

<sup>29</sup> De Waal en Paleker (2014) 80.

<sup>30</sup> *Webster v Die Meester* 1996 (1) SA 34 (D); *Kidwell v Die Meester* 1983 (1) SA 509 (OK); Jacobs “The matter of *Henriques v Gilles* NO 2010 (6) SA 51 (SCA) confirms the adage that life can be stranger than fiction” 2011 *DR* 35; Du Toit 1996 *THRHR* 473.

<sup>31</sup> Abrie e.a. (2015) 20.

<sup>32</sup> De Waal en Paleker (2014) 80.

<sup>33</sup> Sien voetnoot 6 in hierdie verband.

<sup>34</sup> Bekend as die “rescue-provision”.

<sup>35</sup> Sien die bespreking hieronder. De Waal en Paleker (2014) 84; Du Toit 1996 *THRHR* 473; Jamneck “Artikel 2(3) van die Wet op Testamente: 'n Praktiese probleem by litigasie” 2008 *PER* 90 .

<sup>36</sup> De Waal en Paleker (2014) 84; Du Toit 1996 *THRHR* 473; dit is ook bekend as die ‘*dispensing power*’ in Australië; Abrie e.a. (2015) 56.

en 1(b).<sup>37</sup> Dit is derhalwe nie van toepassing in die geval waar die getuies nie bevoeg is om te teken nie of indien die testateur nie oor testeerbevoegdheid beskik nie.<sup>38</sup>

## 2.4 Skriftelike dokument as vereiste

Die wil (bedoeling oor hoe sy boedel moet verdeel) van 'n persoon, word gevind in sy testament.<sup>39</sup> Daar kan slegs uitvoering gegee word aan 'n persoon se wilsbeskikking indien die wense van die oorledene verwoord is in 'n skriftelike dokument.<sup>40</sup>

Skrif word as die drempelvereiste vir die opstel en verlyding van 'n testament (maar ook vir die kondonasië in geval van nie-nakoming van die formaliteite) beskou.<sup>41</sup> Dit is egter nie duidelik wat “skrif” presies beteken nie.<sup>42</sup> Kragtens Engelse wetgewing kan skrif verwys na “geskrewe” of “getikte” dokumente.<sup>43</sup>

Oor die eeue het die betekenis van wat “skrif” is, verander om tred te hou met tegnologiese ontwikkeling. Die skriftelike dokument het van handgeskrewe, na tikmasjien tot selfoon, tablet en rekenaardokumente verander.<sup>44</sup> Die Wet op Testamente vereis nie uitdruklik dat 'n testament op skrif moet wees nie. Daar word egter uit die woordgebruik “testamentêre geskryf”, “handtekening” en “ondertekening” afgelei dat skrif 'n vereiste is.<sup>45</sup> Aangesien

---

<sup>37</sup> Snail en Matanzima 2011 *Without Prejudice* 61.

<sup>38</sup> Abrie e.a. (2015) 56.

<sup>39</sup> Schoeman-Malan 2013 *DJ* 684.

<sup>40</sup> De Waal en Paleker (2014) 82.

<sup>41</sup> Roos “Die Hoogste Hof van Appèl beslis oor artikel 2(3) van die Wet op Testamente” 2005 *THRHR* 132; SARK (1991) 27; Abrie e.a. (2015) 56; Du Toit 1996 *THRHR* 475.

<sup>42</sup> Skrif is nog altyd wyd geïnterpreteer. 'n Voorbeeld van die wye interpretasie is, op 8 Junie 1948 het die oorledene, Cecil George Harris, sy laaste wense op die modderskerm van sy trekker, met sy oopgevoede knipmes ingegraveer. Sien Ellwand “A dying man’s short will has a long history” (2013) beskikbaar by <http://law.usask.ca/news/lawyers/weeklytractorwill10may2013.pdf> (geraadpleeg op 10 Mei 2013). In 1954 het 'n Amerikaanse stoombootkaptein sy “testament” op 'n eierdop geskryf en dit bo-op sy klerekas in sy kamer gebêre. Sien Geere (2010).

<sup>43</sup> Parry e.a. (2009) 43.

<sup>44</sup> Faber en Rabie “Van tikmasjien tot rekenaar, 'n ondersoek na die ontwikkeling van die Suid Afrikaanse erfreg in die tegnologiese era” 2005 *TSAR* 767.

<sup>45</sup> Van Staden en Rautenbach “Enkele gedagtes oor die behoefte aan en toekoms van elektroniese testament” 2006 *DJ* 590.

skrif 'n vereiste is vir die opstel en verlyding van 'n testament sal dit ook as vereiste gesien word voordat kondonasië kan plaasvind.<sup>46</sup>

#### 2.4.1 Wat word met die woord “skrif” bedoel?

Die woord “skrif” veronderstel aan die eenkant 'n skryf instrument en aan die anderkant 'n “geskryf” (dokument) wat die bedoeling van die testateur, soos verwoord, in die geskryf, weergee. 'n Opgestelde “dokument” (testament) sal dus die een of ander vorm van geskrewe woord bevat.<sup>47</sup> Skrif is gewoonlik op papier, maar sluit ook ander materiaal in.<sup>48</sup> Dit kan enige geskrewe woord of woorde, wat met 'n skryf-instrument geskryf is, byvoorbeeld 'n pen, potlood, kryt of griffel, insluit.<sup>49</sup> Skrif sluit egter tradisioneel ook getikte en gedrukte skrif in.<sup>50</sup> Skrif het uit die aard van die saak ook 'n rekenaar gegenereerde dokument wat uitgedruk was en oorspronklik verly is, ingesluit, maar nie databoodskappe, soos bedoel in die EKTW, nie.<sup>51</sup>

#### 2.4.2 Ongedrukte<sup>52</sup> “dokument”?

Dit blyk uit die onlangse verlede dat “skrif” 'n wyer betekenis het as die tradisionele beskouing.<sup>53</sup> Dit gebeur al hoe meer dat “papier” nie altyd geredelik beskikbaar is nie.<sup>54</sup> In 'n noodgeval kan dit gebeur dat 'n persoon slegs 'n selfoon of 'n tablet tot sy beskikking het, en ook nie naby 'n drukker is om die dokument uit te druk nie.<sup>55</sup> In so 'n situasie sal beide “skrif” en “dokument” 'n nuwe betekenis kry. Die vraag ontstaan of 'n elektroniese gegenereerde dokument (daar is byvoorbeeld getik in 'n “*Word document*”), wat nie in 'n

---

<sup>46</sup> Roos 2005 *THRHR* 132, SARK (1991) 27; Abrie e.a. (2015) 56.

<sup>47</sup> Knoetze E “Die kondoneerbaarheid van 'n onverlyde ‘bankopgestelde’ testament – oplaas regsekerheid?” 2004 *THRHR* 140.

<sup>48</sup> De Waal en Schoeman-Malan *Erfreg* (2008) 72; Faber en Rabie 2005 *TSAR* 767.

<sup>49</sup> De Waal en Schoeman-Malan (2008) 68.

<sup>50</sup> *Macdonald v Die Meester* 2002 (5) SA 64 (O); Faber en Rabie 2005 *TSAR* 767.

<sup>51</sup> *Ibid.*

<sup>52</sup> Parry e.a. (2009) 43.

<sup>53</sup> Regspraak word vanaf paragraaf 3.4. hiervan bespreek.

<sup>54</sup> *Macdonald v Die Meester* 2002 (5) SA 64 (O).

<sup>55</sup> Soos bespreek in para 5.4.3 hiervan.



gedrukte vorm beskikbaar is nie, ingevolge artikel 2(3) van die Wet op Testamente gekondoneer kan word.

## 2.5 Ondertekening en handtekening

Skrif is nie net 'n vereiste vir die inhoud van 'n testament nie. Skrif word ook vir die ondertekening, hetsy deur die testateur of deur die persoon wat namens hom teken, vereis.<sup>56</sup> Die testateur moet ook elke ander bladsy van die testament teken. Die woord “ondertekening” is uitgebrei om 'n paraaf en die maak van 'n merk (in geval van die erflater) in te sluit.<sup>57</sup> Handtekening, paraaf of 'n merk veronderstel 'n vorm van skrif alhoewel 'n merk moontlik 'n teken in plaas van skrif kan insluit.<sup>58</sup>

In die Suid-Afrikaanse reg, asook Engelse en Amerikaanse reg, word die egtheid van 'n dokument gewaarborg deur die handtekening van die testateur.<sup>59</sup> Die doel van 'n handtekening by die verlyding van 'n testament is om die identiteit van die testateur te bepaal en om die inhoud van die dokument te bevestig.<sup>60</sup> Kragtens die EKTW sluit 'n handtekening 'n elektroniese handtekening aan 'n elektroniese gegenereerde dokument in.<sup>61</sup> Alhoewel streng vereistes vir 'n elektroniese handtekening vereis word<sup>62</sup> is dié wet nie van toepassing op testamente nie.<sup>63</sup>

---

<sup>56</sup> De Waal en Schoeman-Malan (2008) 60.

<sup>57</sup> Die Engelse definisie van die woord “ondertekening” bepaal as volg: ‘*includes in the case of a testator the making of a mark but does not include the making of a mark in the case of a witness, and “signature” has a corresponding meaning*’: De Waal en Schoeman-Malan (2008) 61.

<sup>58</sup> De Waal en Schoeman-Malan (2008) 54.

<sup>59</sup> Sonnekus 1990 *TSAR* 125.

<sup>60</sup> Van Staden en Rautenbach 2006 *DJ* 595. Sien ook Du Toit 1996 *THRHR* 474.

<sup>61</sup> Hierdie metode van ondertekening word hieronder bespreek.

<sup>62</sup> 'n Elektroniese handtekening moet voldoen aan die bevestigingshandeling en bepaal die egtheid van die inhoud daarvan. Sien Van Staden en Rautenbach 2006 *DJ* 602.

<sup>63</sup> Snail en Hall 2010 *Digital Evidence and Electronic Signature Law Review* 67.

## HOOFSTUK 3

### 3. KONDONASIEBEVOEGDHEID VAN DIE HOF

#### 3.1 Inleiding en agtergrond

Met die inwerkingtreding van die Wet tot Wysiging van die Erfreg, op 1 Oktober 1992, is 'n kondonasiebevoegdheid bekend gestel.<sup>64</sup> Indien daar 'n dokument is wat nie aan die formaliteitsvereistes, soos gestel in artikel 2(1)(a) of (b), voldoen nie, kan 'n aansoek om die gebrek aan formaliteitsvereistes te kondoneer gebring word.<sup>65</sup> Die bevoegdheid wat aan die hof verleen word moet gesien word teen die agtergrond van die basiese vereistes vir die verlyding van 'n testament. Soos hierbo gesien word daar in beginsel 'n skriftelike dokument vereis.<sup>66</sup>

Vir die hof om sy kondonasiebevoegdheid uit te oefen moet die hof oortuig wees dat:

- i. daar wel 'n dokument is;
- ii. dat die dokument of wysiging van die dokument opgestel of verly is deur die persoon wat sedertdien oorlede is; en
- iii. dat die oorledene bedoel het dat die dokument of wysiging van die dokument sy testament moes wees.<sup>67</sup>

---

<sup>64</sup> Jamneck "Die invloed van die Wet op Testamente 7 van 1953 op die erkende beginsel van rektifikasie en interpretasie van testamente" 1994 *THRHR* 596; Du Toit 1996 *THRHR* 472; Wood-Bodley "The 'Rescue Provisions' of the Wills Act 1953 (as amended)" 1997 *SALJ* 1. Sien ook De Waal en Paleker (2014) 84; Faber en Rabie "Die behoefte aan 'n wyer artikel 2(3) van die Wet op Testamente 7 van 1953 (soos gewysig): 'n Kritiese beskouing" 2004 *Journal for Juridical Science* 198.

<sup>65</sup> De Waal en Paleker (2014) 84; Van der Linde "Requirements in terms of section 2(3) of the Wills Act 7 of 1953: Some comments on judgements in recent case law" 2012 *DJ* 412; Jacobs en Lambrechts 2013 *DR* 196; Abrie e.a. (2015) 49.

<sup>66</sup> Sien n 28.

<sup>67</sup> *In re: Jennett NO* 1976 (1) SA 580 (A) 584 A-B; *Bekker v Naude* 2003 (5) SA 173 (HHA) 222; *De Reszke v Maras* 2006 (2) SA 277 (HHA); De Waal en Paleker (2014) 84; Van der Linde 2012 *DJ* 413; Jamneck 2008 *PER* 90; Faber en Du Toit "Suid-Afrikaanse howe se hantering van verlore testamente"(2015) beskikbaar by <http://www.litnet.co.za/suid-afrikaanse-howe-se-hantering-van-verlore-testamente/> (geraadpleeg 22 September 2015).

Die onus om te bewys dat daar aan hierdie vereistes voldoen is, rus op die party/e wat die “dokument” geldig wil laat verklaar (wie-beweer-moet-bewys-beginsel).<sup>68</sup>

Die doel van artikel 2(3) is nie om met die formaliteite weg te doen nie, en veral nie met die “skriftelike dokument”-vereiste nie. Daar moet steeds aan die basiese vereistes vir die verlyding van ’n testament voldoen word, ten einde die egtheid van die dokument te waarborg en bedrog te voorkom.<sup>69</sup> Die klem word op die oorledene se bedoeling geplaas.<sup>70</sup> Die algemene benadering is dat hoewe eerder ’n testament geldig as ongeldig sal verklaar.<sup>71</sup>

### **3.2 Problematiek: Is skrif ’n vereiste kragtens artikel 2(3)?**

Ten einde die vraag te beantwoord moet vasgestel word wat “skrif” beteken vir doeleindes van artikel 2(3). Soos hierbo bespreek is, word skrif as die drempelvereiste vir die onderhandse testament beskou.<sup>72</sup> Skrif is, by implikasie, dus ook ’n vereiste vir artikel 2(3).<sup>73</sup> By die uitleg van artikel 2(3) het daar egter verskeie vrae ontstaan wat nie voorheen problematies was nie.

### **3.3 Die hoewe se interpretasie van skrif**

Voor die verlening van die kondonasiebevoegdheid is “skrif” wyd geïnterpreteer.<sup>74</sup> ’n Ongetekende skriftelike dokument (in welke vorm ookal) sou egter ongeldig wees indien die dokument nie onderteken was, soos vereis in terme van artikel 2(1) nie. ’n Situatie waar die geldigheid van ’n ongetekende elektroniese dokument (wat by die dood van die erflater gevind is) ter sprake gekom het, het dus nooit voorgekom nie. Na die inwerkingtreding van

---

<sup>68</sup> *Raubenheimer v Raubenheimer* 2012 ZASCA 97; *Smith v Sampson* 2013 ZAWCHC 11; Wood-Bodley “Recent cases: More on section 2(3) and 2A of the Wills Act 1953” 1997 *SALJ* 458.

<sup>69</sup> *Webster v Die Meester* 1996 (1) SA 34 (D); *Kidwell v Die Meester* 1983 (1) SA 509 (OK); *Bekker v Naude* 2003 (5) SA 173 (SCA) para 16; *Snail en Matanzima* 2011 *Without Prejudice* 61.

<sup>70</sup> *Logue v The Master* 1995 (1) SA 199 (N); *Taylor v Taylor* 2012 (3) SA 219 (ECP).

<sup>71</sup> SARK (1991) 3. Sien ook *Thaker v Naran* 1993 (4) SA 665.

<sup>72</sup> Sien n 28.

<sup>73</sup> Knoetze 2004 *THRHR* 144. Sien ook n 28.

<sup>74</sup> Sien para 3.2 hierbo.

artikel 2(3) het situasies hulle egter voorgedoen waar “ongetekende elektroniese gegenerende dokumente” voor die hof gedien het in kondonasieaansoeke.

### 3.4 Regspraak waar met elektroniese gegenerende dokumente gehandel is

#### 3.4.1 *Van der Merwe v Die Meester*<sup>75</sup>

Die applikant en die oorledene het mekaar in 1969 ontmoet.<sup>76</sup> Hulle was goeie vriende tot en met die afsterwe van die oorledene in 2008.<sup>77</sup> Hulle het in 2007 besluit om testamente te verly waarin hulle mekaar oor en weer nomineer as mekaar se enigste begunstigdes.<sup>78</sup> Na aanleiding van hierdie ooreenkoms het die oorledene 'n epos aan die appellant met die testamentêre inhoud, met 'n opskrif "Testament" gestuur.<sup>79</sup> Die appellant het sy epos uitgedruk en 'n testament in terme van artikel 2(1)(a) formeel verly.<sup>80</sup> Die oorledene het egter gesterf voordat hy die testament kon uitdruk en onderteken.<sup>81</sup>

Die applikant het die hof genader om die dokument as geldige testament, kragtens artikel 2(3), te kondoneer.<sup>82</sup> Die Meester het nie die aansoek teegestaan nie. Die hof *a quo* het aangedring op die formele “ondertekening” deur die oorledene en het nie die kondonasieaansoek toegestaan nie.<sup>83</sup> Die hof *a quo* vereis dus 'n geskrewe dokument en geskrewe handtekening.<sup>84</sup> Desnieteenstaande die feit dat die dokument nie formeel verly was nie, het die hof *a quo* versuim om in ag te neem dat die oorledene wel die dokument “self” opgestel het.<sup>85</sup>

---

<sup>75</sup> 2010 (6) SA 544 (HHA); Jacobs en Lambrechts 2013 *DR* 196.

<sup>76</sup> De Waal en Paleker (2014) 86; Van der Linde 2012 *DJ* 422; Snail en Matanzima 2011 *Without Prejudice* 61.

<sup>77</sup> Snail en Matanzima 2011 *Without Prejudice* 61. Sien ook para 2 van die saak.

<sup>78</sup> De Waal “The law of Succession [including administration of deceased estates] and trusts” 2010 *AS* 1179 1181.

<sup>79</sup> Snail en Matanzima 2011 *Without Prejudice* 61. Sien ook para 3, 18 van die saak.

<sup>80</sup> *Ibid*; para 4 van die saak.

<sup>81</sup> *Ibid*; para 5 van die saak.

<sup>82</sup> *Ibid*; para 7 van die saak.

<sup>83</sup> *Ibid*; para 9 van die saak.

<sup>84</sup> *Ibid*.

<sup>85</sup> De Waal 2010 *AS* 1180; Snail en Matanzima 2011 *Without Prejudice* 62.

Die Hoogste Hof van Appèl se uitgangspunt was gebaseer op die doel van die formaliteitsvereistes, om bedrog te voorkom, soos in artikel 2(1) gestel.<sup>86</sup> Die oogmerk is om die oorspronklikheid van die testament te verseker sowel as om vervalste of testamente wat deur middel van bedrog opgestel is, te voorkom.<sup>87</sup> Alhoewel die dokument slegs in 'n elektroniese formaat bestaan het, het die hof bevind dat daar wel 'n “dokument” was vir doeleindes van artikel 2(3).<sup>88</sup> 'n Elektroniese gegengereerde “dokument” word dus gekondoneer.<sup>89</sup>

Die enigste vraag was vervolgens om te bepaal of die oorledene bedoel het om die “elektroniese gegengereerde dokument” as sy testament te ag.<sup>90</sup> Die Hoogste Hof van Appèl het die bedoeling vasgestel aan die hand van die inhoud van die dokument en die omliggende omstandighede.<sup>91</sup> Die Hoogste Hof van Appèl het ondermeer die beslissing op die volgende feite baseer:

- i. dokument se opskrif was “Testament”;
- ii. die oorledene het geen ander onmiddellike familie gehad nie; en
- iii. slegs die testateur kon die dokument opgestel het.<sup>92</sup>

Derhalwe het die Hoogste Hof van Appèl bevind dat die dokument bedoel is om die oorledene se testament te wees, die “uitgedrukte-epos-afskrif” van die testament is aanvaar en die kondonasieaansoek is toegestaan.<sup>93</sup> “Skrif” sluit gevolglik 'n uitgedrukte elektroniese gegengereerde dokument in.<sup>94</sup> In die bogenoemde saak het die hof gevolglik die Meester gelas om die “dokument” as die laaste wilsbeskikking (testament) te aanvaar.<sup>95</sup>

---

<sup>86</sup> Hierdie doel is om bedrog te voorkom. Sien ook De Waal 2010 AS 1179 en Snail en Matanzima 2011 *Without Prejudice* 61-62; para 13 van die saak.

<sup>87</sup> De Waal 2010 AS 1179; Snail en Matanzima 2011 *Without Prejudice* 61-62.

<sup>88</sup> *Ibid.* Sien ook para 18 van die saak.

<sup>89</sup> Snail en Matanzima 2011 *Without Prejudice* 61-62.

<sup>90</sup> *Ibid.* Sien ook para 16 van die saak.

<sup>91</sup> Papadopoulos 2012 SA *Merc LJ* 91; Snail en Matanzima 2011 *Without Prejudice* 61-62.

<sup>92</sup> 2010 (6) SA 544 (HHA) para 18; Snail en Matanzima 2011 *Without Prejudice* 62.

<sup>93</sup> Snail en Matanzima 2011 *Without Prejudice* 62; para 19 van die saak.

<sup>94</sup> *Ibid.*

<sup>95</sup> Para 19 van die saak.

### 3.4.2 *Macdonald v Die Meester*<sup>96</sup>

Agt jaar voor die *Van der Merwe*-saak is 'n soortgelyke vraag, in die saak *MacDonald v Die Meester*, gevra.<sup>97</sup> Die oorledene het vier notas neffens sy bed gelos, waarvan een bepaal het dat sy testament op sy rekenaar gestoor was. Hierdie nota het as volg bepaal: “*I, Malcom Scott MacDonald, ID 5609065240106, do hereby declare that my last will and testament can be found on my PC at IBM under directory C:/windows/mystuff/mywill/personal*”.<sup>98</sup> Die oorledene het sy persoonlike rekenaar gebruik om die dokument op te stel.<sup>99</sup> Hy het elke maand sy wagwoord verander en slegs een ander persoon het geweet wat hierdie wagwoord was.<sup>100</sup>

Die hof beslis dat indien daar aan die drie vereistes van artikel 2(3) voldoen is, *moet* die vormbreklike dokument as testament aanvaar word.<sup>101</sup> Die hof het uitgewys dat die woord “opgestel” nie deur die Wet op Testamente gedefinieer word nie.<sup>102</sup> Die feit dat geen ander persoon toegang tot die rekenaar gehad het nie, het daarop aangedui dat slegs die testateur die dokument opgestel het.<sup>103</sup> Gevolglik het die hof die rekenaargegenereerde dokument, wat later uitgedruk was, ingevolge artikel 2(3), gekondoneer.<sup>104</sup> Faber en Rabie gaan akkoord met die beslissing en neem aan dat opstelling nie noodwendig op papier hoef te wees nie.<sup>105</sup>

---

<sup>96</sup> 2002 (5) SA 64 (O).

<sup>97</sup> De Waal en Paleker (2014) 86; Wood-Bodley “Suicide notes, wills, testamentary capacity, and section 2(3) of the Wills Act 7 of 1953”: *Smith v Parsons NO; Henriques v Giles NO*” 2011 *SALJ* 613.

<sup>98</sup> Sien buitelandse artikel geskryf oor die bogenoemde saak: Gee “Electronic wills at our fingertips” 2013 *Bar Journal* Cleveland Metropolitan Bar Association.

<sup>99</sup> Knoetze 2004 *THRHR* 143.

<sup>100</sup> 2002 (5) SA 64 (O) paras [17 – 18].

<sup>101</sup> *Ibid.*

<sup>102</sup> *Ibid.*

<sup>103</sup> *Ibid.*

<sup>104</sup> Sien ook Snail “Electronic wills – beyond the *Macdonald v The Master* decision” (2011) beskikbaar by <http://www.snailattorneys.com/Electronic%20Wills%20-%20South%20Africa%20-beyond%20Mc%20Donald%20decision.pdf> (geraadpleeg 21 Augustus 2015).

<sup>105</sup> Faber en Rabie 2005 *TSAR* 767.

### 3.4.3 *Young v Die Meester*<sup>106</sup>

Die onlangse saak wat handel met 'n elektroniese gegengereerde dokument is die saak van *Young v Die Meester*, wat in die Hoë Hof, Durban, op 28 Augustus 2015 beslis is. In hierdie saak het die testateur instruksies aan sy finansiële beplanner (Nazar) gegee, om vir hom 'n testament op te stel.<sup>107</sup> Let wel dat hierdie “instruksies” nie tydens die aansoek, in die hof getoon is nie. Die enigste “vorm van dié testament” was slegs in 'n e-pos beskikbaar. Dit blyk dat Nazar die testament opgestel het en aan die oorledene ge-e-pos het.<sup>108</sup> Hy beweer dat hy die oorledene herinner het om die testament in die teenwoordigheid van getuies te onderteken, waarna die oorledene hom verseker het dat hy hieraan aandag sal skenk.<sup>109</sup> Die oorledene was gediagnoseer met *acute myeloid leukaemia*, waarna hy 'n punt bereik het waar dit onmoontlik vir hom was om te sien, te eet of om te loop en gevolglik kon hy nie 'n testament behoorlik verly nie.<sup>110</sup> Die oorledene het op 4 April 2015 gesterf, sonder om die elektroniese testament behoorlik te verly.<sup>111</sup>

'n Artikel 2(3) aansoek word gebring om die epos dokument te kondoneer. Die hof het bevind, desnieteenstaande die feit dat die oorledene nie self die dokument opgestel het nie, kan daar nie met sekerheid gesê word dat dit die wil van die testateur is nie.<sup>112</sup> Die hof beklemtoon weereens die belangrikheid van die testateur se bedoeling. Die aansoek is derhalwe van die hand gewys. Anders as in die twee bogenoemde sake was die hof nie bereid om hierdie “dokument” te kondoneer nie. Dit is duidelik dat dié elektroniese dokument deur iemand anders as die oorledene opgestel is en dat die hof gewig daaraan gegee het om te bepaal dat dit moontlik nie die bedoeling van die oorledene was nie.<sup>113</sup>

---

<sup>106</sup> *Young v Master of the High Court* 2015 ZAKZDHC 65.

<sup>107</sup> Para 6 van die bogenoemde saak.

<sup>108</sup> Para 9 van die bogenoemde saak.

<sup>109</sup> *Ibid.*

<sup>110</sup> *Ibid.*

<sup>111</sup> Para 4 van die bogenoemde saak.

<sup>112</sup> Para 18 van die saak.

<sup>113</sup> Kragtens die *Bekker v Naudé* 2003 5 SA 173 (SCA) beslissing sou hierdie dokument nie as geldige testament gekondoneer kon word nie, aangesien die hof vereis het dat 'n testament “self” deur die testateur opgestel moet word. In teenstryd met laasgenoemde, sou die dokument egter as geldig beskou word kragtens die beslissing van *Mabika v Mabika* 2011

Die dokumente wat hierbo ter sprake kom is egter nie 'n elektroniese testament soos voorsien in die EKTW nie. Al die “dokumente” wat hierbo bespreek is was ongetekende elektronies gegenereerde dokumente.

Die enigste vereiste is dat dit moontlik moet wees om die elektroniese dokument op papier te kan produseer.<sup>114</sup> Daar moet myns insiens duidelik onderskei word tussen gevalle waar die soort dokument wat elektronies opgestel is uitgedruk kan word en gevalle waar dit nie later herproduseer kan word nie.

---

ZAGPJHC 109. Laasgenoemde beslissing word egter gekritiseer aangesien akademici van mening is dat die saak verkeerd beslis is.

<sup>114</sup> De Waal 2010 AS 1180.



## HOOFSTUK 4

### 4. DIE ELEKTRONIESE TESTAMENT

#### 4.1 Inleiding

Soos blyk uit die bespreking hierbo het die snelle ontwikkeling van tegnologie tot gevolg gehad dat die tradisionele “skrif op papier” stelselmatig verdwyn het.<sup>115</sup> Die tegnologie-georiënteerde individu sluit makliker elektroniese kontrakte en gaan transaksies aan as van tevore in.<sup>116</sup> Daar moet wel onderskeid gemaak word tussen dag-tot-dag transaksies en die regshandeling om ’n testament op te stel. Regter Leach is van mening dat testament-opstelling een van die belangrikste dokumente is wat ’n persoon kan onderteken.<sup>117</sup>

Die behoefte kan dus ook ontstaan om ’n testament elektronies op te stel en te verly. Die formaliteitsvereistes vir die verlyding van ’n testament soos uitgespel in die Wet op Testamente vereis ’n skriftelike ondertekende dokument, en as só ’n dokument nie aan die formaliteitsvereistes voldoen nie, kan die hof dit verskoon (kondoneer) mits dit ’n skriftelike dokument is.<sup>118</sup> Moderne tegniek maak dit egter moontlik om ’n testament elektronies op te stel, byvoorbeeld met die gebruik van oudio en video-opnames.<sup>119</sup> Nietemin, het die Suid-Afrikaanse reg nog nie ernstig gelet op hierdie soort moontlikheid nie.<sup>120</sup>

Wanneer die “elektronies gegenereerde dokument” vergelyk word met ’n ware “elektronies verlyde dokument” blyk dit dat laasgenoemde waarskynlik baie eerder aanvaar behoort te word as eersgenoemde. Die vraag word derhalwe gevra of dit tyd geword het om die bepaling van die EKTW uit te brei ten einde dit moontlik te maak om ’n testament so te

---

<sup>115</sup> Van Staden en Rautenbach 2006 *DJ* 609.

<sup>116</sup> Sien die studie gedoen deur PEW “Emerging nations embrace internet, mobile technology” beskikbaar by <http://www.pewglobal.org> (geraadpleeg op 13 Februarie 2014).

<sup>117</sup> *Raubenheimer v Raubenheimer* 2012 (ZASCA).

<sup>118</sup> Artikel 2(3) van die Wet op Testamente. Sien ook n 28. Sonnekus 1990 *TSAR* 114.

<sup>119</sup> Sonnekus 1990 *TSAR* 114.

<sup>120</sup> Sonnekus 1990 *TSAR* 116.

verly en of in die alternatief die howe binnekort die geldigheid van elektroniese testamente in die konteks van kondonasië sal moet bepaal? Ten einde die vraag te beantwoord word die EKTW se vereistes vir die geldige verlyding van 'n dokument ontleed.

## 4.2 Elektroniese Kommunikasie en Transaksies Wet

Die EKTW het op die 30ste Augustus 2002 in werking getree.<sup>121</sup> Die doel van hierdie wet is, hoofsaaklik, om elektroniese kommunikasie en transaksies te fasiliteer.<sup>122</sup> 'n Testament is natuurlik nie 'n transaksie nie, maar kan wel gesien word as 'n wyse van kommunikasie. Die testateur kommunikeer sy laaste wense in die vorm van 'n testament. Die wet vereis net soos die Wet op Testamente dat daar 'n vorm van skrif moet wees en dat die dokument onderteken moet word.

Artikel 4(3) van die wet bepaal welke spesifieke gevalle van toepassing sal wees.<sup>123</sup> Elektroniese testamente word uitdruklik uitgesluit kragtens artikel 4(4) en skedule 2(3).<sup>124</sup> Dit is dus nie moontlik om geldige video- of magnetiese geluidsband testamente op te stel nie en 'n elektroniese gegengereerde testament moet eers uitgedruk en onderteken word.<sup>125</sup>

## 4.3 Elektroniese dokument

Elektroniese dokumente (soos bedoel in die EKTW) kan op verskillende wyses opgestel en verly word.<sup>126</sup> 'n Databoodskap word in die EKTW gedefinieer as “data wat op elektroniese wyse voortgebring, gestuur, ontvang of geberg word”.<sup>127</sup> Die boodskap (dokument) word elektronies opgestel en “gepubliseer” deur dit aan 'n

---

<sup>121</sup> Wood-Bodley "Wills, data messages, and the Electronic Communications and Transactions Act" 2001 *SALJ* 526; Peter "The Electronic Communications and Transactions Act" 2003 *Advocate* (Johannesburg Bar) 30-32.

<sup>122</sup> Wood-Bodley 2001 *SALJ* 526. Sien ook Papadopoulos 2012 *SA Merc LJ* 105.

<sup>123</sup> Wood-Bodley 2001 *SALJ* 526.

<sup>124</sup> Papadopoulos 2012 *SA Merc LJ* 100.

<sup>125</sup> Abrie e.a. (2015) 49.

<sup>126</sup> Soos hieronder bespreek word elektroniese testamente op tablette, rekenaars en *iphones* opgestel.

<sup>127</sup> Papadopoulos 2012 *SA Merc LJ* 93.

ander te versend. 'n Voorbeeld van so 'n dokument kan 'n epos of *sms* wees.<sup>128</sup> Die dokument word dus in 'n elektroniese formaat gegenereer.

#### 4.4 Elektroniese handtekeninge

##### 4.4.1 *Betekenis van handtekening*

'n Handtekening word gesien as die finale bevestiging van die inhoud van 'n dokument en dui daarop dat die persoon hom aan die bepalings gebonde wil hou.<sup>129</sup> Kragtens artikel 1 van die EKTW word 'n "elektroniese handtekening" gedefinieer as "data aangeheg of wat deel vorm of wat logies deel uitmaak van ander data en wat bedoel is om as 'n handtekening te dien".<sup>130</sup>

'n Handtekening sal aanvaar word indien die identiteit van die ondertekenaar vasgestel kan word.<sup>131</sup> Indien 'n persoon die dokument onderteken het kan daar aanvaar word dat die ondertekenaar bedoel het om die dokument te teken en homself gebonde te hou aan die bepalings daarvan, tensy die teendeel bewys word.<sup>132</sup> Die feit dat daar bewys moet word dat die ondertekenaar bedoel het om die handtekening aan te bring is uniek aan Suid-Afrika.<sup>133</sup>

---

<sup>128</sup> Die afkorting SMS staan vir "*Short Message Service*".

<sup>129</sup> Papadopoulos 2012 *SA Merc LJ* 104; Christianson "Advanced Electronic Signatures" 2012 *DR* 40.

<sup>130</sup> Elektroniese handtekeninge staan ook bekend as digitale handtekeninge. Sien Eiselen 2014 *PER* 2806 in hierdie verband asook artikel 1 van die EKTW.

<sup>131</sup> Heyink "Guidelines Electronic Signatures for South African Firms" 2014 *LAWSA* 6.

<sup>132</sup> Heyink 2014 *LAWSA* 6.

<sup>133</sup> Eiselen "Fiddling with the ECT Act-Electronic signatures" 2014 *PER* 2812.

#### 4.4.2 *Betekenis van elektroniese handtekeninge en hoe dit verskil van gevorderde elektroniese handtekeninge*

Die elektroniese handtekening is ontwerp om die oorspronklikheid en integriteit van 'n databoodskap te verseker.<sup>134</sup> Identifikasie, sekuriteit en verifikasie is die minimum vereistes waaraan die elektroniese handtekening moet voldoen.<sup>135</sup>

'n Gevorderde elektroniese handtekening is 'n elektroniese handtekening wat die gevolg is van 'n proses wat deur die Akkreditasie owerheid geakkrediteer is.<sup>136</sup> Terwyl ander wetgewing nie die verskillende vorms van elektroniese handtekeninge erken nie, erken die EKTW dit wel.<sup>137</sup> 'n Gevorderde elektroniese handtekening sal altyd 'n elektroniese handtekening wees, maar die omgekeerde is nie noodwendig waar nie.<sup>138</sup> Die groot onderskeid word daarin getref dat die gevorderde elektroniese handtekening deur die Akkreditasie owerheid geakkrediteer word.<sup>139</sup> Produkte en dienste word van gebruik gemaak om die elektroniese handtekening te skep.<sup>140</sup>

Elektroniese handtekeninge word geskep en geverifieer deur geheimeskrif wat gebruik maak van openbare sleutel kriptografie.<sup>141</sup> Dit is wiskundig van aard en is beskerm deur 'n wagwoord.<sup>142</sup> Dié verseker dat daar nie met die handtekening gepeuter kan word nie.<sup>143</sup> Enige veranderinge wat aangebring word sal maklik raakgesien word.<sup>144</sup>

Die elektroniese handtekening kan dieselfde funksies as dié van 'n gewone geskrewe handtekening, vervul.<sup>145</sup> Kragtens artikel 2(1)(a) van die Wet op Testamente word

---

<sup>134</sup> Papadopoulos 2012 *SA Merc LJ* 105; Christianson 2012 *DR* 40.

<sup>135</sup> Eiselen 2014 *PER* 2808.

<sup>136</sup> Christianson "Advanced Electronic Signatures" 2012 *DR* 40. 'n Voorbeeld van sulke wetgewing is die Maatskappy Wet 71 van 2008.

<sup>137</sup> *Ibid.*

<sup>138</sup> *Ibid.*

<sup>139</sup> *Ibid.*

<sup>140</sup> *Ibid.* Sien artikel 13(2) en (3) van die EKTW.

<sup>141</sup> Eiselen 2014 *PER* 2808.

<sup>142</sup> Van Staden en Rautenbach 2006 *DJ* 599.

<sup>143</sup> Papadopoulos 2012 *SA Merc LJ* 106.

<sup>144</sup> Heyink 2014 *LAWSA* 8.

<sup>145</sup> Papadopoulos 2012 *SA Merc LJ* 106.

“ondertekening” vereis en derhalwe kan die elektroniese handtekening verseker dat daar aan hierdie vereiste voldoen kan word.<sup>146</sup> Aangesien die EKTW nie van toepassing op testamente is nie sal so ’n handtekening waarskynlik gesien word as ’n merk soos bedoel in artikel 2(1)(a)(v). As ’n elektroniese handtekening egter as sodanig erken word in die Wet op Testamente kan dit myns insiens die doel van die oorspronklikheid van die dokument dien.<sup>147</sup>

Daar word vereis dat getuies teenwoordig moet wees wanneer die erflater teken. Die erflater kan ook ’n reeds gemaakte handtekening erken.<sup>148</sup> Daarom ontstaan die vraag of getuies ook elektronies, saam met die testateur, kan onderteken.<sup>149</sup> Soos hierin later bespreek het die oorledene Mr Castro se twee broers op sy tablet as getuies van sy testament onderteken.<sup>150</sup> In Suid-Afrika sal dit slegs moontlik wees indien daar erkenning aan “elektroniese handtekeninge” in artikel 2(1)(a) gegee word.

#### 4.5 Wesenlikheid

’n "Elektroniese testament" veronderstel ’n elektroniese opgestelde en verlyde dokument bedoel om oor bates te beskik.<sup>151</sup> Dit kom in sy totaliteit elektronies tot stand en word onderskei van ’n elektroniese gegengereerde dokument.<sup>152</sup> Daar is hoofsaaklik drie formaliteitsvereistes wat ter sprake kom by die opstel van ’n elektroniese testament, naamlik, skrif, ondertekening deur ’n testateur (of iemand namens die testateur) en ondertekening deur die getuies.<sup>153</sup>

---

<sup>146</sup> Snail en Hall *Digital Evidence and Electronic Signature Law Review* 2010.

<sup>147</sup> Sien n 130 in hierdie verband.

<sup>148</sup> *Raubenheimer v Raubenheimer* 2012 (ZASCA).

<sup>149</sup> Van Staden en Rautenbach 2006 *DJ* 600.

<sup>150</sup> Paragraaf 5.4.3 hiervan.

<sup>151</sup> Dit dien dieselfde doel as ’n gewone geskrewe testament op “skrif”.

<sup>152</sup> *Ibid.*

<sup>153</sup> Van Staden en Rautenbach 2006 *DJ* 608.

Voorstanders van die elektroniese testament, Van Staden en Rautenbach, meen dat 'n elektroniese testament die volgende vier funksies sal verrig.<sup>154</sup>

- i. Die *kanaliseringsfunksie* het ten doel om die elektroniese testament, wat aan die formaliteitsvereistes voldoen, afdwingbaar te maak.<sup>155</sup> Die elektroniese testament sal slegs afdwingbaar wees indien die egtheid daarvan bewys kan word.<sup>156</sup>
- ii. Die *bewysfunksie* het ten doel om die bestaan en inhoud van die elektroniese dokument te verseker.<sup>157</sup>
- iii. Die *waarskuwingsfunksie* is daar om die bindende regsgevolge krag te gee.<sup>158</sup> Die handtekening van die testateur is nie net 'n aanduiding van identiteit nie, maar dien ook as bewys dat hy bedoel het dat dit effek gaan neem die dag wat hy te sterwe sou kom.<sup>159</sup>
- iv. Die *beskermingsfunksie* het ten doel om die formaliteitsvereistes te versterk.<sup>160</sup>

---

<sup>154</sup> *Ibid.*

<sup>155</sup> Van Staden en Rautenbach 2006 *DJ* 606.

<sup>156</sup> *Ibid.*

<sup>157</sup> *Ibid.*

<sup>158</sup> *Ibid.*

<sup>159</sup> *Ibid.*

<sup>160</sup> *Ibid.*

## HOOFSTUK 5

### 5. REGSVERGELYKING

#### 5.1 Inleiding

Wêreldwyd word skrif as 'n vereiste vir die verlyding van 'n testament gestel. In hierdie hoofstuk word 'n oorsig gegee oor ander jurisdiksies, soos dié van Nevada.<sup>161</sup>

Soos hierbo bespreek het Suid-Afrika die model soos geformuleer in die Engelse *Wills Act*, 1837, aanvaar.<sup>162</sup> Verskeie Amerikaanse state het ook hulle testamentêre wetgewing rondom die bepalings van die *Statute of Frauds* wetgewing en *Wills Act* opgestel.<sup>163</sup> State soos *California*, *Indiana*, *New York* en *Tennessee* het 'n addisionele vereiste vir die verlyding van 'n geldige testament bygevoeg.<sup>164</sup> Hierdie vereiste staan bekend as die vereiste van “publikasie”.<sup>165</sup> Dit behels dat die testateur mondelings aan die getuies bevestig dat die dokument sy testament is.<sup>166</sup>

Die *Uniform Probate Code* van 1990 en 1991, wat toepassing vind in, onder andere, die state van *Alaska*, *Minnesota*, *New Jersey*, *New Mexico* en *Utah*, het egter daarteenoor afstand van sekere vereistes gedoen.<sup>167</sup> Die state vereis slegs drie vereistes waaraan voldoen moet word, naamlik:

- i. dat die testament moet op skrif opgestel wees;
- ii. moet deur die testateur of 'n ander onderteken wees; en
- iii. dit moet in die teenwoordigheid van twee getuies, onderteken word.<sup>168</sup>

---

<sup>161</sup> Onder andere Engeland, *Nevada*, *California*, *Indiana*, *New York*, *Alaska*, *Minnesota*, *New Jersey*, *New Mexico*, *Utah* en *Tennessee*.

<sup>162</sup> Grant 2008-2009 *UMLRJ* 118.

<sup>163</sup> Grant 2008-2009 *UMLRJ* 117.

<sup>164</sup> *Ibid.*

<sup>165</sup> Grant 2008-2009 *UMLRJ* 119.

<sup>166</sup> *Ibid.*

<sup>167</sup> *Ibid.*

<sup>168</sup> Grant 2008-2009 *UMLRJ* 120.

Die vereistes is eenders as wat in Suid-Afrika gestel word. Die regsisteem in die VSA is egter 'n gekompliseerde sisteem wat uit federale, sowel as, staatsowerhede bestaan.<sup>169</sup> Die wette, reëls en regulasies, wat voorrang geniet, moet eerstens verstaan word.<sup>170</sup> Net soos in die geval van Suid-Afrika, geniet die Grondwet, voorrang bo alle ander wetgewende instrumente.<sup>171</sup> Federale wette, wat deur die Kongres, aanvaar word, het sekondêre status.<sup>172</sup>

Wêreldwyd is skrif geïnterpreteer as enige vorm van skrif en dit was irrelevant of die dokument elektronies gegeneer was.<sup>173</sup> Van belang is egter dat in *Nevada* wetgewing aanvaar is wat elektroniese testamente reguleer.<sup>174</sup> Ander state in die VSA maak ook voorsiening vir meer informele testamente.<sup>175</sup> Die hof het byvoorbeeld onlangs in *Ohio* 'n testament gekondoneer wat op 'n *Samsung Galaxy* tablet opgestel is.<sup>176</sup> Die oorledene, Javier Castro, was in die hospitaal opgeneem, nadat hy 'n bloedoortapping geweier het. Omdat daar geen papier naby was nie, het hy sy tablet gebruik. Hy het die testament opgestel en geteken deur middel van die tablet se *stylus*-pen. Sy broers het as getuies geteken. Na sy dood het die familie die testament uitgedruk en aangebied.<sup>177</sup> Die Regter het beslis dat die testament aan die nodige formaliteite voldoen het.<sup>178</sup>

---

<sup>169</sup> *US Legal System* beskikbaar by <http://system.uslegal.com/> (geraadpleeg 21 September 2015).

<sup>170</sup> *Ibid.*

<sup>171</sup> *Ibid.*

<sup>172</sup> *Ibid.*

<sup>173</sup> *Ibid.*

<sup>174</sup> Wetgewing beskikbaar by <http://www/leg.state.nv.us/NRS/NRS-133.html#NRS133Sec085> (geraadpleeg 21 September 2015).

<sup>175</sup> Al die state vereis egter skrif net soos in die Wet op Testamente wat kragtens artikel 2(1)(a)(i) dieselfde vereis.

<sup>176</sup> Mukherji "Are electronic will valid? Ohio Judge says yes" (2013) beskikbaar by <http://blogs.find.law.com/lawandlife/2013/07/are-electronic-wills-valid-ohio-judge-says-yes.html> (geraadpleeg 25 Augustus 2015).

<sup>177</sup> *Ibid.*

<sup>178</sup> *Ibid.*



## 5.2 Die Verenigde State van Amerika

Soos hierbo bespreek is die regsistiem van die VSA 'n gekompliseerde een. Elke staat, aanvaar sy eie wetgewing, wat in “Codes” opgeneem is.<sup>179</sup> Hierdie “Codes” is niks anders as 'n kodifikasie van alle toepaslike wetgewing nie.<sup>180</sup>

### 5.2.1 Testamentformaliteite in die Verenigde State van Amerika

Die sogenaamde holografiese testament word hoofsaaklik in die suide en weste van die VSA, erken.<sup>181</sup> Hierdie soort testament vereis dat, benewens die handtekening van 'n testateur, 'n testament in die handskrif van die testateur opgestel moet word.<sup>182</sup> Kragtens die 1990, *Uniform Probate Code*, kon sekere nie-wesentliche dele, van 'n testament, in gedrukte skrif, getikte skrif of gestempelde skrif opgestel word.<sup>183</sup> Verder is bepaal dat 'n testateur se bedoeling deur middel van, ekstrinsieke getuienis, ten aansien van die nie-handgeskrewe-gedeeltes, bewys moet word.<sup>184</sup>

Vier state, onder andere dié van *Nevada*, vereis, dat 'n testament gedateer moet word.<sup>185</sup> Die datum sal dan aandui watter testament voorkeur geniet.<sup>186</sup>

Tradisioneel, is die wetsvereistes verpligtend, daar kan dus geen geldige testament bestaan, indien daar nie aan die voorgeskrewe formaliteite voldoen is nie.<sup>187</sup> Tog het verskeie howe testamente wat vormbrekkig is, geldig verklaar.<sup>188</sup>

---

<sup>179</sup> *US Legal System*, beskikbaar by <http://system.uslegal.com/> (geraadpleeg 21 September 2015).

<sup>180</sup> *Ibid.*

<sup>181</sup> Reid e.a. *Testamentary Formalities: Comparative Succession Law* (2011) 371.

<sup>182</sup> *Ibid.*

<sup>183</sup> Reid e.a. (2011) 372.

<sup>184</sup> *Ibid.*

<sup>185</sup> *Ibid.*, ander state sluit in *Louisiana, Oklahoma* en *Nabraska*.

<sup>186</sup> *Ibid.*

<sup>187</sup> Reid e.a. (2011) 374.

<sup>188</sup> Reid e.a. (2011) 375.

Soortgelyk aan Suid-Afrika, het sekere state wetgewende krag aan die ‘*dispensing power*’ gegee.<sup>189</sup> Sewentien state van Amerika erken verder getikte en mondelinge testamente.<sup>190</sup> Soos al die ander state in die VSA is skrif ook as vereiste in *Nevada* gestel. *Nevada* is die eerste staat in Amerika wat spesifieke wetgewing aangeneem het wat elektroniese testamente erken.<sup>191</sup>

Alhoewel die regsisteem wesenlik anders as dié van Suid-Afrika is, het die Suid-Afrikaanse erfregtelike ontwikkeling, min of meer tred gehou met dié ontwikkeling in die VSA.

### 5.2.2 *Die vereistes van die geldige totstandkoming van testamente in Nevada*

Elke persoon, met gesonde verstand, en bo die ouderdom van agtien jaar, mag deur middel van ’n testament, sy bates verdeel, soos hy ag.<sup>192</sup> Hierdie testament moet egter op skrif wees en deur die testateur onderteken wees.<sup>193</sup> Verder, moet twee bevoegde getuies, in die teenwoordigheid van die testateur, die testament onderteken.<sup>194</sup> Die belang van hierdie staat is dat daar in 2007 wetgewing, wat erkenning aan elektroniese testamente gegee het, aanvaar is.<sup>195</sup>

Die “elektroniese testament” word gedefinieer as ’n testamentêre dokument wat aan die vereistes van wetgewing voldoen.<sup>196</sup> Hierdie vereistes bepaal dat ’n elektroniese testament as ’n testament van ’n testateur erken kan word mits dit op ’n voorgeskrewe wyse geskep

---

<sup>189</sup> Soortgelyk aan die kondonasiebevoegdheid soos in Suid-Afrika. Sien verder Reid e.a. (2011) 375.

<sup>190</sup> Reid e.a. (2011) 373.

<sup>191</sup> Grant 2008-2009 *UMLRJ* 109.

<sup>192</sup> *Nevada* “Last Will and Testament Law” beskikbaar by <http://wills.uslegal.com/last-will-and-testament/nevada-last-will-and-testament-law/> (geraadpleeg 21 September 2015). Suid-Afrika bepaal egter, kragtens artikel 4 van die Wet op Testamente, dat enige persoon vanaf die ouderdom van 16 jaar oud ’n testament kan opstel en verly.

<sup>193</sup> *Ibid.*

<sup>194</sup> *Ibid.*

<sup>195</sup> Grant 2008-2009 *UMLRJ* 108.

<sup>196</sup> Dit is die vereistes gestel soos in die wetgewing van *Nevada* [Nev.Rev.Stat 133.085 (2007)] sien ook Grant 2008-2009 *UMLRJ* 108.

word.<sup>197</sup> Dit moet dus op elektroniese rekord, geskrewe, geskep of gestoor, word.<sup>198</sup> Die elektroniese dokument moet ook gedateer wees.<sup>199</sup> Daar moet 'n elektroniese handtekening aan die dokument aangebring word, wat ten minste een biometriese verifiëring van die testateur bevat.<sup>200</sup> 'n Verifieërings-eienskap is 'n eienskap wat uniek tot die persoon is, en wat vatbaar is om gemeet en erken te word, in elektroniese formaat.<sup>201</sup> Dit kan 'n biologiese aspek of fisiese handeling deur die persoon wees, soos byvoorbeeld 'n vingerafdruk, retinale skandering, stem erkenning, gesig-erkenning, digitale handtekening<sup>202</sup> of enige ander unieke eienskap aan die persoon.

'n Verdere vereiste is dat die elektroniese testament geskep en gestoor moet word op so 'n manier dat daar slegs een oorspronklike "kopie" is.<sup>203</sup> Hierdie "kopie" moet deur die testateur (of 'n agent namens die testateur) bewaar word.<sup>204</sup> Indien daar enige veranderinge aangebring word, moet dit identifiseerbaar wees.<sup>205</sup> Elke "kopie" van die oorspronklike "kopie" moet identifiseerbaar wees, as 'n afskrif daarvan.<sup>206</sup>

'n Elektroniese testament kan deur 'n testeerbevoegde persoon verly word.<sup>207</sup> 'n Elektroniese testament, wat aan al die bogenoemde vereistes voldoen, word beskou as 'n geldige testament en is afdwingbaar soos enige ander testament.<sup>208</sup> Hierdie bepaling is nie van

---

<sup>197</sup> *Ibid.*

<sup>198</sup> Grant 2008-2009 *UMLRJ* 109.

<sup>199</sup> *Ibid.*

<sup>200</sup> *Ibid.*

<sup>201</sup> Papadopoulos 2012 *SA Merc LJ* 105.

<sup>202</sup> 'n Digitale handtekening word beskryf as 'n grafiese prent van 'n handtekening wat geskep, gegenereer of gestoor is deur middel van elektroniese metode. Sien Grant 2008-2009 *UMLRJ* 109.

<sup>203</sup> Dit moet egter identifiseerbaar wees en die elektroniese rekord moet nie aan gepeuter wees nie. Sien Grant 2008-2009 *UMLRJ* 109.

<sup>204</sup> Grant 2008-2009 *UMLRJ* 109.

<sup>205</sup> *Ibid.*

<sup>206</sup> *Ibid.*

<sup>207</sup> Die ouderdomsgrens verskil in verskillende jurisdiksies. Sien n 192.

<sup>208</sup> Grant 2008-2009 *UMLRJ* 109.

toepassing op trusts, anders as trusts wat geskep word deur die elektroniese testamente, nie.<sup>209</sup>

Die wetgewers van *Nevada*, het voorsien dat meeste transaksies op 'n elektroniese manier tot stand sal kom.<sup>210</sup> Hulle het derhalwe die veranderde tye en tegnologiese vooruitgang in die moderne samelewing in ag geneem sodat die tegnologies-georiënteerde individue met gemak 'n elektroniese testament kan opstel en verly, maar in die praktyk is die wetgewing egter gekritiseer.<sup>211</sup> Die kritiek sluit in dat van die terme nie voldoende gedefinieer is nie, dat daar geen beskrywing van die oogmerk van die wetgewing is nie en dat die regsbank geen riglyne het om die wetgewing te interpreteer nie.<sup>212</sup> Ander kritiek sluit in:

- i. Die hof weet nie of hulle die wetgewing wyd of eng moet interpreteer nie en ook nie hoe om die testateur se bedoeling te bepaal nie.<sup>213</sup>
- ii. Die wetgewing definieer nie die tipe meganisme wat 'n testateur tot sy beskikking kan gebruik, om 'n elektroniese testament te verly nie.<sup>214</sup>
- iii. Die wetgewing maak nie voorsiening vir die geval waar die testament nie voor getuies verly is nie.<sup>215</sup>

### 5.3 Vorme van elektroniese testamente

Ook in Amerika het die generering van testamente van 'n handgeskrewe testament tot die hedendaagse tendens om alle dokumente deur middel van 'n woordsverwerkingsprogram te genereer, verander.<sup>216</sup> In die verlede het 'n testateur sy testament per hand opgestel, later was dit moontlik om dit op 'n tikmasjien te tik en tans is daar rekenaarprogramme waarmee

---

<sup>209</sup> *Ibid.*

<sup>210</sup> Grant 2008-2009 *UMLRJ* 124.

<sup>211</sup> *Ibid.*

<sup>212</sup> Grant 2008-2009 *UMLRJ* 125.

<sup>213</sup> *Ibid.*

<sup>214</sup> *Ibid.*

<sup>215</sup> *Ibid.*

<sup>216</sup> *Ibid.*

testamente opgestel kan word.<sup>217</sup> Meer onlangs word dienste aan testateurs verskaf om *pro forma* testamente af te laai en aanlyn in te vul. Ander dienste nooi die testateur uit om sy besonderhede te verskaf sodat dit gebruik kan word om 'n basiese testament op te stel.<sup>218</sup> In Suid-Afrika sal so 'n "internet testament" net geldig wees as dit uiteindelik uitgedruk en onderteken word, ten einde aan die skrifvereiste te voldoen.<sup>219</sup>

#### 5.4.1 *Rekenaar testamente*

Die Hoogste hof van Appèl in *Tennessee* het reeds in 2003 in die saak van *Donna Godfrey Taylor v Doris Holt* 'n elektroniese testament geldig verklaar.<sup>220</sup> Die oorledene het sy testament op sy rekenaar opgestel en twee van sy buurmanne gevra om te attesteer.<sup>221</sup> Hy het in hulle teenwoordigheid sy testament elektronies geattesteer en gedateer en die oorledene is 'n week daarna oorlede.<sup>222</sup> Na sy dood het die oorledene se suster die geldigheid van die testament betwis en sy het beweer dat die testament nie deur die testateur op die voorgeskrewe metode, te wete "skrif", onderteken is nie.<sup>223</sup>

Ingevolge wetgewing in *Tennessee*, moet 'n testateur sy testament verly in die teenwoordigheid van twee getuies deur middel van ondertekening, of indien hy alreeds geteken het, sy handtekening aan die getuies erken.<sup>224</sup> Die testateur kan aan iemand anders opdrag gee om namens hom te onderteken.<sup>225</sup> Die getuies wat teenwoordig is moet in die teenwoordigheid van die testateur en van mekaar onderteken.<sup>226</sup> 'n Handtekening word

---

<sup>217</sup> Rautenbach "Formalities of "foreign" internet wills in South Africa and the Netherlands: A storm in a teacup?" 2009 *THRHR* 241.

<sup>218</sup> Rautenbach 2009 *THRHR* 242.

<sup>219</sup> Rautenbach 2009 *THRHR* 253.

<sup>220</sup> Swiney en Inman "Court appeals of Tennessee, Eastern section, at Knoxville: *Donna Godfrey Taylor v Doris Holt*" (2003) beskikbaar by <http://caselaw.findlaw.com/tn-court-of-appeals/1109985.html> (geraadpleeg 25 Augustus 2015); Van Staden en Rautenbach 2006 *DJ* 604.

<sup>221</sup> Van Staden en Rautenbach 2006 *DJ* 604.

<sup>222</sup> *Ibid.*

<sup>223</sup> *Ibid.*

<sup>224</sup> Tennessee Code Ann. § 32-1-104 (1984) sien ook Swiney (2003).

<sup>225</sup> Swiney (2003).

<sup>226</sup> *Ibid.*

volgens hierdie wet as 'n merk, 'n naam naby die merk of enige ander simbool wat die testateur gebruik met die bedoeling om 'n dokument te bekragtig, gedefinieer.<sup>227</sup>

Die hof het in dié saak bevind dat die oorledene 'n merk gemaak het.<sup>228</sup> Hy het die merk in die teenwoordigheid van twee getuies gemaak.<sup>229</sup> Hierdie merk, wat elektronies geskep is, vorm deel van die “simbool” element wat deeluitmaak van die definisie van 'n handtekening.<sup>230</sup> Die hof het beslis dat die testament geldig verly is en derhalwe van krag is.<sup>231</sup>

#### 5.4.2 *Video testamente*

Deur die opstel- of ondertekening seremonie op te neem, alhoewel dit in beginsel nie geldig is nie, hou verskeie voordele in.<sup>232</sup> Voorstanders van video testamente, byvoorbeeld Sonnekus, is van mening dat dit twyfel oor die geestesgesteldheid van die testateur uit die weg kan ruim.<sup>233</sup> Die testateur kan sy eiendom ten volle beskryf en wanneer 'n persoon onterf word, kan die testateur sy keuse verduidelik, wat toekomstige dispute sal voorkom.<sup>234</sup> 'n “Video testament” word deur die *American Bar Association* gedefinieer as 'n testament waar 'n persoon tydens 'n video-opname sy testament uitlees.<sup>235</sup> Dit kan as bewys dien dat die persoon self die testament opgestel het.<sup>236</sup>

---

<sup>227</sup> *Ibid.*

<sup>228</sup> *Ibid.*

<sup>229</sup> *Ibid.*

<sup>230</sup> *Ibid.*

<sup>231</sup> Van Staden en Rautenbach 2006 *DJ* 604.

<sup>232</sup> Sonnekus is van mening dat hierdie sort testament vele voordele inhou. Sien Sonnekus 1990 *TSAR* 117.

<sup>233</sup> Pippen “Are electronic wills valid?” (2012) beskikbaar by <http://avvo.com/legal-guides/ugc/are-video-wills-valid> (geraadpleeg 25 Augustus 2015); Randolph “Can you make a video will?” beskikbaar by <http://www.nolo.com/legal-encyclopedia/can-you-make-video-will.html>. (geraadpleeg 25 Augustus 2015).

<sup>234</sup> Pippen (2012).

<sup>235</sup> Die *American Bar Association* definieer video testamente, welke definisie elektroniese beskikbaar is by [http://www.americanbar.org/groups/public\\_education/resources/law\\_issues\\_for\\_consumers/will\\_video.html](http://www.americanbar.org/groups/public_education/resources/law_issues_for_consumers/will_video.html) (geraadpleeg 25 Augustus 2015).

<sup>236</sup> *Ibid.*

Skrywers is van mening dat video testamente vroe oor moontlike dwang of onbehoorlike beïnvloeding sal beantwoord.<sup>237</sup> In beginsel dien dit dus ’n goeie doel as bewysmateriaal.<sup>238</sup> Só ook anderkant die wêreld is dieselfde standpunt ingeneem en ’n “video opname” is as geldige testament geag in die Hoë Hof in *Delhi*.<sup>239</sup>

In die Amerikaanse staat van *Indiana* word video testamente as ’n manier erken om te bewys dat ’n behoorlike verlyde testament eg is.<sup>240</sup> ’n Video testament sal as bewys dien dat die testateur die bedoeling gehad het om ’n testament op te stel.<sup>241</sup>

’n Video testament sal toelaatbaar wees indien daar bewys word dat die testament behoorlik verly is, daar ’n bedoeling is om ’n testament te verly, die testateur testeerbevoeg was en enige ander faktore wat die hof as relevant beskou.<sup>242</sup> ’n Video testament sal nie losstaande erken word nie.<sup>243</sup>

#### 5.4.3 *Selfoon testamente*

In *Queensland* het die vraag of ’n testament gegeneer op ’n selfoon geldig is, onlangs ontstaan. Na aanleiding van die *Re:Yu* beslissing waar ’n testament op ’n *iPhone Notes* toep (*app.*) opgestel is, in die Hoë Hof in *Brisbane*, is die vraag beantwoord.<sup>244</sup> Enkele minute voor die tragiese selfmoord van die oorledene het hy op sy selfoon in die vorm van ’n ‘boodskap’ sy testament opgestel.<sup>245</sup> Die testament het gehandel met eiendom van die

---

<sup>237</sup> Phippen (2012).

<sup>238</sup> Grant 2008-2009 *UMLRJ* 110.

<sup>239</sup> Babwani “Writing a will goes hi-tech with video online and digital wills” (2012) beskikbaar by [http://articles.economicstimes.indiatimes.com/2012-04-30/news/31508195\\_1\\_wills-video-camera-probate](http://articles.economicstimes.indiatimes.com/2012-04-30/news/31508195_1_wills-video-camera-probate) (geraadpleeg 25 Augustus 2015).

<sup>234</sup> Grant 2008-2009 *UMLRJ* 109.

<sup>235</sup> *Ibid.*

<sup>242</sup> Grant 2008-2009 *UMLRJ* 109.

<sup>243</sup> *Ibid.* Sien ook Sonnekus 1990 *TSAR* 127.

<sup>244</sup> *Re:Yu* 2013 QSC 322. Sien ook Staff Reporters “‘iPhone will’ upheld by Australian court in landmark ruling” *The Australian* (7 November 2013).

<sup>245</sup> Staff Reporters (2013) *The Australian*.

oorledene en met die aanstelling van sy broer as eksekuteur. Geen getuies was egter teenwoordig nie.

Artikel 10 van die *Succession Act*, 1981 van Queensland, reguleer die vormvereistes vir testamente.<sup>246</sup> Artikel 18 van die bogenoemde wet is soortgelyk aan artikel 2(3) van die Wet op Testamente.<sup>247</sup> As die hof tevrede is dat 'n persoon *bedoel* het dat 'n dokument sy testament moet wees, word die dokument as 'n geldige testament beskou.<sup>248</sup>

Die dokument het met die woorde “*This is the last Will and Testament...*” begin.<sup>249</sup> Die oorledene het homself geïdentifiseer en sy adres uiteengesit.<sup>250</sup> Hierdie was aanduidend dat die oorledene bedoel het dat die dokument van krag moet wees.<sup>251</sup> Die hof het beslis dat hierdie dokument in ooreenstemming met artikel 36 van die *Interpretation Acts*, 1954, geskep en gestoor is.<sup>252</sup>

Die geldigheid van 'n selfoon testament het ook in *Ohio* ter sprake gekom.<sup>253</sup> Die *Wills, Estates and Succession Act*<sup>254</sup> wat vanaf 31 Maart 2014 van krag is, gee die hof 'n diskresie om nie-nakoming van vormvereistes te herstel.<sup>255</sup> Die hof het 'n testament wat op 'n *Samsung Galaxy* tablet opgestel is, as testament aanvaar.<sup>256</sup>

---

<sup>246</sup> *Ibid.*

<sup>247</sup> *Ibid.*

<sup>248</sup> *Ibid.*

<sup>249</sup> Hutchinson “A decision by the Supreme Court declared that a will typed on a person’s iphone before their passing was deemed valid” (2014) beskikbaar by <http://www/tfqlawyers.com.au/blog/iphone-will-deemed-valid-by-court/> (geraadpleeg 25 Augustus 2015).

<sup>250</sup> *Ibid.*

<sup>251</sup> Hutchinson (2014).

<sup>252</sup> *Ibid.*

<sup>253</sup> Soos bespreek in para 5.1 hiervan.

<sup>254</sup> Bekend as WESA.

<sup>255</sup> Dicken “Judge rules that a will written and signed on tablet is legal” (2013) beskikbaar by <http://elderlawanswers.com/is-an-electronic-will-valid-12494#> (geraadpleeg 25 Augustus 2015); Wilson “Electronic wills: the way of the future?” (2013) beskikbaar by <http://electronicwillsthewayofthefutureLexology.htm> (geraadpleeg 25 Augustus 2015).

<sup>256</sup> *Ibid.*



#### 5.4.4 *Holografiese testamente*

In die *Fillipyne* is dit moontlik om 'n notariële of holografiese testament op te stel en te verly.<sup>257</sup> 'n Holografiese testament is slegs geldig indien dit aan sekere vereistes voldoen.<sup>258</sup> Die streng vereistes is naamlik, dat daar drie getuies teenwoordig moet wees en dat die holografiese testament uitgeskryf, gedateer en onderteken moet wees.<sup>259</sup> In 2000 is die *Republic Act (Electronic Commerce Act No 8792)* aanvaar.<sup>260</sup> Die hoofdoel van hierdie wetgewing is om plaaslike sowel as internasionale transaksies, onderhandelinge, ooreenkomste, kontrakte, uitruil en stoor van informasie deur middel van die gebruik van elektroniese mediums te akkommodeer.<sup>261</sup> Die geloofwaardigheid van elektroniese testamente word erken, om die bevordering van elektroniese transaksies op staat sowel as publieke vlak aan te moedig.<sup>262</sup>

---

<sup>257</sup> Sanchez “Are we ready for electronic wills?” 2006 *College of Business and Economics, Centre for Business and Economics Research and Development* 1.

<sup>258</sup> *Ibid.*

<sup>259</sup> Hierdie vereistes word vereis ingevolge die *Republic Act No 386 (Civil Code of the Philippines)*.

<sup>260</sup> Sanchez 2006 2.

<sup>261</sup> *Ibid.*

<sup>262</sup> *Ibid.*

## HOOFSTUK 6

### 6. GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

#### 6.1 Gevolgtrekking

In Suid-Afrika sal 'n testament, indien dit handgeskrewe of 'n uitgedrukte dokument is wat behoorlik verly is, geldig wees.<sup>263</sup> Die hoofrede vir die streng formaliteitsvereistes is om bedrog te voorkom en te verseker dat slegs die testateur se wense in die dokumente uiteengesit is.<sup>264</sup> Indien 'n dokument nie aan die formaliteitsvereistes voldoen nie, kan die hof die nie-nakoming daarvan verskoon en kondoneer kragtens artikel 2(3).<sup>265</sup>

In Suid-Afrika het die erfreg met die ontwikkeling van testamente, vanaf skrif, getikte, en nou na uitgedrukte elektroniese dokumente, gevorder.<sup>266</sup> Die vraag is of die erfreg weereens aangepas moet word om elektroniese dokumente, wat elektronies opgestel en verly is en wat as testamente dien, ook aanvaar moet word.

In Nevada word elektroniese testamente erken en word die egtheid daarvan, deur middel van 'n elektroniese handtekening, geverifieer.<sup>267</sup>

#### 6.2 Kritiek teen die elektroniese testament

Verskeie regsgeleerdes is van mening dat die elektroniese testament nie erkenning moet geniet nie.<sup>268</sup> Argumente teen die elektroniese testament sluit in, dat die vorm van 'n elektroniese testament té radikaal is en dat dit die bestaan van 'n prokureur-kliënt verhouding gaan skaad.<sup>269</sup>

---

<sup>263</sup> Van Staden en Rautenbach 2006 *DJ* 586.

<sup>264</sup> *Ibid.*

<sup>265</sup> De Waal en Paleker (2014) 83; Du Toit 1996 *THRHR* 472.

<sup>266</sup> Grant 2008-2009 *UMLRJ* 112.

<sup>267</sup> Soos in *Nevada*.

<sup>268</sup> Van Staden en Rautenbach 2006 *DJ* 605.

<sup>269</sup> Grant 2008-2009 *UMLRJ* 134.

Laasgenoemde kritiek hou nie gewig nie. Die internet het 'n onbeperkte bron van inligting geword, soveel so, dat enige persoon advies waarna hy opsoek is, self elektronies kan navors en bestudeer.<sup>270</sup> Alhoewel die testateur sy testament self kan opstel, word dit aanbeveel dat hy steeds die kennis van sy prokureur benodig om die behoorlike beplanning vir die verdeling van sy bates te bewerkstellig.<sup>271</sup>

Verdere kritiek sluit in dat die bestaan van elektroniese testamente die doel en die belangrikheid van die formaliteitsvereistes belemmer.<sup>272</sup> Die individu skroom weg van die idee van 'n elektroniese testament aangesien dit die deur vir bedrog en betwiste testamente oopmaak.<sup>273</sup> Die langdurigheid, die toeganklikheid en sekuriteit van elektroniese testamente word ook betwis.<sup>274</sup>

Myns insiens as daar gebruik gemaak word van elektroniese handtekeninge, sal dit die sekuriteit van elektroniese testamente verseker.<sup>275</sup> Elektroniese handtekeninge voldoen aan al die doelwitte van geskrewe handtekeninge, en is uniek tot die ondertekenaar.<sup>276</sup> Indien die metode van ondertekening 'veilig' en seker is, sal die publiek se geloof daarin versterk.

### 6.3 Onlangse studie deur die Meester, Pretoria

Die ontwikkeling van elektronika het reeds sy pad deur die praktiese boedeladministrasieproses gekerf. Die Meester van die Hoë Hof, Advokaat Basson, het onlangs 'n aanbieding oor die gebruik van elektroniese sisteme in die Meesters kantore, gehou. Meneer Basson het onder andere die gebruik van elektroniese stelsels in die Meesters se kantoor aangespoor en verskeie statistieke bespreek. Hierdie statistiek sluit ondermeer in dat daar in 2012, 166 049 bestorwe boedels by die Meester aangemeld was, waarvan 1.43%

---

<sup>270</sup> Schwarzentraub "Electronic Wills & The Internet: Is LegalZoom Involved In the Unauthorized Practice of Law or Is Their Success Simply Ruffling the Legal Profession's Feather?" 2012 *The Codicil, Estate Planning and Community Property Journal* 1.

<sup>271</sup> Grant 2008-2009 *UMLRJ* 135.

<sup>272</sup> Grant 2008-2009 *UMLRJ* 134.

<sup>273</sup> *Ibid.*

<sup>274</sup> Van Staden en Rautenbach 2006 *DJ* 609.

<sup>275</sup> *Ibid.*

<sup>276</sup> sien ook n 130 hiervan.

boedels elektroniese verwerk is.<sup>277</sup> In 2013 is 162 251 by die Meester gerapporteer waarvan 25.36% elektronies verwerk is. In 2014 is 58.02% bestorwe boedels elektroniese verwerk.<sup>278</sup> Tans aanvaar die Meesterskantoor nie ongetekende dokumente nie. Die vraag is of die Meesterskantoor elektroniese testamente sal kan prosessee. Myns insiens moet die erkenning van elektroniese testament gepaard gaan met die nodige toerusting en opleiding wat die Meesterskantoor sal benodig om dit te verwerk.

## 6.4 Aanbeveling

### 6.4.1 *Kan 'n dokument wat elektronies opgestel is, as 'n testament deur die hof gekondoneer word?*

Die hof is in die *Macdonald* en *Van der Merwe*-sake gekonfronteer met dokumente wat nie geteken is nie en wat elektronies gegenereer was.<sup>279</sup> Die hof het die elektroniese gegenereerde testamente wat uitgedruk was, ingevolge artikel 2(3) van die Wet op Testamente gekondoneer.<sup>280</sup> 'n Ongetekende dokument kan net as 'n geldig testament dien, indien die hof die nie-nakoming van formaliteite verskoon.<sup>281</sup> Wat egter duidelik blyk is dat slegs 'n elektroniese dokument wat uitgedruk is, gekondoneer kan word.<sup>282</sup> Derhalwe sal testamente wat elektronies gegenereer is maar wat nie uitgedruk word nie, ongeldig wees.<sup>283</sup>

Indien die begrip "dokument" omskryf word in die Wet op Testamente om sodoende erkenning aan elektroniese dokumente te verleen sal die kondonasiebevoegdheid, kragtens

---

<sup>277</sup> Basson "The use of electronic systems in the office of the Masters of the High Court Gauteng: Law Council Department of Justice and Constitutional Development" 2015 Presentation.

<sup>278</sup> *Ibid.*

<sup>279</sup> Die testamente wat elektronies gegenereer was het nie aan die vereistes soos gestel in artikel 2(1)(a) voldoen nie; De Waal en Paleker (2014) 86; Wood-Bodley 2011 *SALJ* 613.

<sup>280</sup> Cornelius "Condonation of electronic documents in terms of section 2(3) of the Wills Act 7 of 1953" 2003 *TSAR* 208.

<sup>281</sup> *Ibid.*

<sup>282</sup> Soos in die sake bespreek vanaf para 3.4.1 hiervan.

<sup>283</sup> Aangesien dit nie aan die formaliteitsvereistes voldoen nie; sien Abrie e.a. (2015) 49.

artikel 2(3), van toepassing wees. Onder hierdie omstandighede sal ongedrukte elektroniese dokumente gekondoneer kan word.

#### 6.4.2 *Hoe verskil 'n elektroniese dokument van elektroniese gegengereerde dokumente?*

'n Elektroniese gegengereerde dokument verskil met 'n elektroniese dokument ten aansien van die vorm daarvan. 'n Elektroniese gegengereerde dokument word uiteraard uitgedruk en word dan aangebied as die testament van die oorledene. Daarteenoor word die elektroniese dokument (testament) nie uitgedruk nie en is slegs elektronies beskikbaar, welke elektroniese weergawe as die testament aangebied word. Soos hierbo bespreek is laasgenoemde tans ongeldig.<sup>284</sup>

#### 6.4.3 *Wat kan as 'n elektroniese testament beskou word?*

Dit kan enige elektroniese dokument wees wat op 'n elektroniese rekord, geskryf, geskep of gestoor is.<sup>285</sup> Hierdie begrippe sal duidelik in die Wet op Testamente omskryf moet word.

#### 6.4.4 *Behoort 'n elektroniese dokument as geldige testamente erken te word en hoe kan dit erken word?*

Papadopoulos meen dat: '*Technology can be just as powerful as the law in constraining or regulating digital activity*'.<sup>286</sup> Meer mense het vanaf die papierstelsel na die elektroniese formaat getransformeer om transaksies met mekaar aan te gaan. Desnieteenstaande die kritiek teen elektroniese testamente meen die skrywer hiervan dat elektroniese testamente regserkenning behoort te ontvang, aangesien dit die individu sal toerus om 'n testament gemakliker op te stel.

---

<sup>284</sup> *Ibid.*

<sup>285</sup> Grant 2008-2009 *UMLRJ* 109.

<sup>286</sup> Papadopoulos 2012 *SA Merc LJ* 93.

Die eerste oplossing is om die huidige Wet op Testamente aan te pas. Aangesien 'n testament 'n "dokument" is, moet hierdie begrip in die wet omskryf word. 'n Voorstel van so 'n omskrywing is:

'n "**dokument**" is 'n geskrewe, gedrukte, of elektroniese geskepte stuk wat tot stand gebring is met die doel om testamentêre informasie te voorsien of wat as bewys of amptelike rekord daarvan dien.<sup>287</sup>

Die begrip "handtekening" of in die alternatief "merk" kan uitgebrei word om die elektroniese vorm daarvan te erken. 'n Voorstel vir laasgenoemde is:

'n "**elektroniese handtekening**" is vir alle doeleindes dieselfde as 'n handtekening, maar sluit data in wat aangeheg of wat deel vorm of wat logiese deel uitmaak van ander data en wat bedoel is om as 'n handtekening te dien.<sup>288</sup>

In die alternatief kan nuwe wetgewing geskep word wat slegs op elektroniese testamente van toepassing is. Die wetgewing wat in *Nevada* aanvaar is, kan as riglyn dien. Laasgenoemde is waarskynlik nie die aangewese opsie nie, aangesien dit die erkenning van elektroniese testamente verder sal sloer. Desnieteenstaande die sloering kan daar vanuit die kritiek, soos gestel teen die wetgewing van *Nevada*, geleer word.

Hierdie nuwe wetgewing moet duidelike riglyne aan die houe uiteensit om onsekerheid uit die weg te ruim. Die skrywer hiervan is van mening dat indien nuwe wetgewing geskep word, 'n drempelvereiste van 'n "elektroniese handtekening" gestel word. Soos reeds bespreek, is 'n elektroniese handtekening vir alle praktiese doeleindes dieselfde as 'n handgeskrewe handtekening, maar verskil van gevorderde elektroniese handtekeninge. Dit dien as bewys van oorspronklikheid deurdat dit 'n positiewe handeling deur die testateur

---

<sup>287</sup> Soortgelyk aan die bewoording van 'n elektroniese testament kragtens wetgewing soos in *Nevada* aanvaar.

<sup>288</sup> Eenders as die definisie soos gestel in artikel 1 van die EKTW.

verg. Die aard daarvan maak dit onmoontlik om die handtekening te kopieer of daarmee te peuter.

Laastens kan die uitsluiting in die EKTW mee weggedoen word ten einde dit moontlik te maak vir die wet om van toepassing te wees op testamente.

Die eerste oplossing is myns insiens die gewese opsie. 'n Testament kan elektronies opgestel word, elektronies onderteken word en kan deur die opsteller geverifieer word. Die inhoud van die elektroniese testament moet beskerm word deur middel van openbare sleutel kriptografie. Hierdeur sal bedrog voorkom word. Indien die elektroniese testament met 'n unieke elektroniese handtekening geassosieer kan word, sal dit dieselfde gewig as 'n uitgedrukte en getekende dokument dra. Die aanheg van 'n elektroniese handtekening sal ook as bewys dien van die outeur se *animus testandi*.

Alhoewel die skrywer hiervan 'n voorstaander vir die erkenning van elektroniese testamente is, moet die algemene beginsel in gedagte gehou word. Daar moet altyd bepaal word of die persoon wat onderteken het, bedoel het dat die elektroniese dokument sy testament moet wees. Daar moet dus altyd gevolg aan die testateur se wense gegee word, bekend die sogenaamde *favor testamenti*.

Indien die beginsel vasgestel kan word behoort daar geen beperking ten aansien van die manier van opstelling en verlyding van 'n testament te wees nie. Die reg is buigbaar en sal uitvoering hieraan kan gee. Mens moet in gedagte hou dat die reg seker moet wees, daarom sal gewysigde formaliteitsvereistes help om vervalsing van die testateur se laaste wil te voorkom en sodoende regsekerheid oor die beskikking van sy nalatenskap te bevorder. Die balans tussen verandering en sekerheid moet konstant gehou word. Regsontwikkeling moet plaasvind om tred te hou met die verandering in die moderne samelewing.

## BIBLIOGRAFIE

### Aanbieding

Advokaat L Basson “*The use of electronic systems in the office of the Master of the High Court Gauteng: Law Council Department of Justice and Constitutional Development*”. Hierdie Seminaar was gehou deur die Gautengse Regsraad te CSIR Convention Centre Pretoria op die 20ste April 2015.

### Boeke

Abrie W, De Clercq B, Graham CR, Schoeman-Malan MC en Van der Spuy P de W *Bestorwe Boedels* 10de uitgawe (2015): Lexis Nexis.

Corbett MM, Hofmeyr G en Kahn E *The Law of Succession in South Africa* 2de uitgawe (2001): Juta Kaapstad.

De Waal MJ en Schoeman-Malan MC *Law of Succession* 4de uitgawe (2008): Juta.

De Waal MJ en Paleker M *Acta Juridica* 2014 uitgawe.

De Waal MJ en Paleker M *South African Law of Succession and Trusts: The past meeting the present and thoughts for the future* 1ste uitgawe (2014): Juta

De Waal MJ en Schoeman-Malan MC *Erfreg* 5 de uitgawe (2015): Juta.

Pace RP en Van der Westhuizen WM *Wills and Trusts* 16de uitgawe (2012): LexisNexis.

Parry en Kerridge R *The Law of Succession* 12de uitgawe (2009): Sweet and Maxwell

Reid KGC, De Waal MJ en Zimmermann R *Testamentary Formalities: Comparative Succession Law* (2011): Oxford University Press.



## **Hofsake**

*Anderson v Wagner NNO v The Master* 1995 (3) SA 779 (C).

*Back and Others NNO v Master of the Supreme Court* 1996 (2) All SA 161 (CO).

*Barnard v Master of the High Court Pretoria and Others* 2015 ZAGPPHC 393.

*Bekker v Naude* 2003 (5) SA 173 (SCA).

*De Reszke v Maras* 2003 (6) SA 676 (C).

*Donna Godfrey Taylor v Doris Holt* 2003 Tennessee.CT.App E2003-00901-COA-R3-CV.

*Ex parte De Swardt* 1998 (2) SA 204 (C).

*Ex parte Laxton* 1998 (3) SA 238 (N).

*Ex parte Maurice* 1995 (2) SA 713.

*Ex Parte Suknanan* 1959 (2) SA 189 (D).

*Ex parte Williams: In re Williams' Estate* 2000 (4) SA 168 (T).

*Giles NO v Henriques* 2008 (4) SA 558 (C).

*Henwick v The Master* 1997 (2) SA 326(C).

*Horn v Horn* 1995 (1) SA 48 (W).

*In re: Jennett NO* 1976 (1) SA 580 (A).

*Jhajibhai v The Master* 1971 (2) SA 370 (D).

*Kidwell v Die Meester* 1983 (1) SA 509 (OK).

*Kotze v The Master* 1998 (1) All SA 312 (NC).

*Letsekga v The Master* 1995 (4) SA 731 (W).

*Logue v The Master* 1995 (1) SA 199 (N).

*Longfellow v BOE Trust Ltd No* 2010 ZAWCHC 117.

*M and Another v Master of the High Court and Others* 2014 ZAFSHC 141.

*Mabika v Mabika* 2011 ZAGPJHC 109.

*Macdonald v The Master* 2002 (5) SA 64 (O).

*Mdlulu v Delarey* 1998 (1) ALL SA 434 (W).

*Moorcroft v Master of the Free State High Court, Bloemfontein and Others* 2015 ZAFSHC 29.

*Ndebele v The Master of the Supreme Court* 2000 (1) All SA 475 (C).

*O'Connor v The Master* 1999 (3) All SA 652 (NC).

*Olivier v Die Meester* 1997 (1) SA 836 (T).

*Potgieter v Potgieter* 2011 ZASCA 181.

*Ramlal v Ramdhani's Estate* 2002 (2) SA 643 (N).

*Raubenheimer v Raubenheimer* 2012 (ZASCA).

*Re: Yu* 2013 QSC 322.

*Ricketts v Byrne* 2004 (6) SA 474 (C).

*Schnetler v Die Meester* 1999 (4) SA1250 (C).

*Smith v Sampson and Another* 2013 (ZAWCHC).

*Thaker v Naran* 1993 (4) SA 665.

*Taylor v Taylor* 2012 (3) SA 219 (ECP).

*The Leprosy Mission v Master of the Supreme Court* 1972 (4) SA 173 (C).

*Vallee v Birchwood* 2013 EWHC 1449 (Ch).

*Van der Merwe v The Master* 2010 (6) SA 544 (HHA).

*Van Vuuren and Another v Master of the High Court and Others* 2015 ZAGPPHC 67.

*Van Wetten v Bosch* 2004 (1) SA 348 (SCA).

*Webster v Die Meester* 1996 (1) SA 34 (D).

*Wren and Another v Master of the Eastern Cape High Court, Port Elizabeth and Another* 2014 ZAECPEHC 98.

*Yen Estate v Chan* 2013 BCCA 423.

*Young v Master of the High Court, Durban and Others* 2015 ZAKZDHC 65.

### **Internet bronne**

Beyer GW "Legal zoom and electronic wills" (2012) *Wills, Trusts and Estates Prog Blog Texas Tech University School of Law* beskikbaar by [http://lawprofessors.typedpad.com/trusts\\_estates\\_prof/2012/08/article-on-legal-zoom-and-electronic-wills](http://lawprofessors.typedpad.com/trusts_estates_prof/2012/08/article-on-legal-zoom-and-electronic-wills).

Bodderly SS "Electronic Wills: Drawing a line in the sand against their validity" (2010) beskikbaar by <http://ssrn.com/abstract=2154313>.

Dicken B “Judge rules that a will written and signed on tablet is legal” (2013) beskikbaar by <http://elderlawanswers.com/is-an-electronic-will-valid-12494#>.

Eiselen S "Fiddling with the ECT Act-Electronic signatures" (2014) *Potchefstroomse Elektroniese Regstydskrif* elektronies beskikbaar by <http://dx.doi.org/10.4314/pej.v17i6.16>.

Ellwand “A dying man’s short will has a long history” (2013) beskikbaar by <http://law.usask.ca/news/lawyersweeklytractorwill10may13.pdf>.

Faber J en Du Toit F Suid-Afrikaanse howe se hantering van verlore testamente (2015) beskikbaar by <http://www.litnet.co.za/suid-afrikaanse-howe-se-hantering-van-verlore-testamente/?session-id=5f1ce721f0b4154895134cdc2b9a93aa>.

Faber J en Du Toit F “Suid-Afrikaanse howe se hantering van verlore testamente” (2015) beskikbaar by <http://www.litnet.co.za/suid-afrikaanse-howe-se-hantering-van-verlore-testamente/>.

Geere D “Death 20: The future of digital wills” (2010) beskikbaar by <http://www.wired.co.uk/news/archive/2010-02/11/death-20-the-future-of-digital-wills>.

Hutchinson J “A decision by the Supreme Court declared that a will typed on a person’s iphone before their passing was deemed valid” (2014) beskikbaar by <http://www.turnerfreeman.com.au/qld/blog/iphone-will-deemed-valid-by-court/>.

Law Reform Commission of Saskatchewan "Report on Electronic Wills" (2004) beskikbaar by <http://www.lawreformcommision.sk.ca/electwills2.rtf>.

Mukherji A “Are electronic will valis? Ohio Judge says yes” (2013) beskikbaar by <http://blogs.findlaw.com/lawandlife/2013/07/are-electronic-wills-valid-ohio-judge-says-yes.html>.

Nevada “Last Will and Testament Law” beskikbaar by <http://wills.uslegal.com/last-will-and-testament/nevada-last-will-and-testament-law/>.

Pippen J “Are electronic wills valid?” (2012) beskikbaar by <http://avvo.com/legal-guides/ugc/are-video-wills-valid>.

PEW Research “Emerging nations embrace internet, mobile technology” (2014) beskikbaar by <http://www.pewglobal.org>.

Randolph M “Can you make a video will?” beskikbaar by <http://www.nolo.com/legal-encyclopedia/can-you-make-video-will.html>.

Snail SL and Hall N "Electronic wills in South Africa" (2009) beskikbaar by <http://www.hg.org/article.asp?id=5249>.

Snail SL “Electronic wills – beyond the *Macdonald v The Master* decision” (2011) beskikbaar by <http://www.snailattorneys.com/Electronic%20Wills%20-%20South%20Africa%20-beyond%20Mc%20Donald%20decision.pdf>.

Swiney M and Inman WH "Court appeals of Tennessee, Eastern section, at Knoxville: *Donna Godfrey Taylor v Doris Holt*" (2003) beskikbaar by <http://caselaw.findlaw.com/tn-court-of-appeals/1109985.html>.

US Legal System beskikbaar by <http://system.uslegal.com/>.

Wilson C, Kaila A “Electronic wills: the way of the future?” (2013) beskikbaar by <http://electronicwillstheawayofthefutureLexology.htm>

### **Literatuur (Artikels)**

Beyer GW and Hargrove CG "Digital wills: has the time come for wills to join the digital revolution?" 2007 *Ohio Northern University Law Review* 865-902.

Caldwell CJ "Should E-wills: will advances in technology be recognized for will execution?" 2001-2009 *University of Pittsburgh Law Review* 467-486.

Christianson G "Advanced Electronic Signatures" 2012 *De Rebus* 40-42.

Cornelius S "Condonation of electronic documents in terms of section 2(3) of the Wills Act 7 of 1953" 2003 *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg* 208-211.

De Waal MJ "The law of Succession [including administration of deceased estates] and trusts" 2010 *Annual Survey of the South African Law* 1179-1181.

Du Toit F "Artikel 2(3) van die Wet op Testamente 7 van 1953 en substansiële nakoming van formaliteite: vier uitsprake in perspektief" 1996 *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg* 472-478.

Faber JT en Rabie PJ "Van tikmasjien tot rekenaar, 'n ondersoek na die ontwikkeling van die Suid Afrikaanse erfreg in die tegnologiese era" 2005 *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg* 767-783.

Faber J en Rabie PJ "Die behoefte aan 'n wyer artikel 2(3) van die Wet op Testamente 7 van 1953 (soos gewysig): 'n Kritiese beskouing" 2004 *Journal for Juridical Science* 198-204.

Gee KB "Electronic wills at our fingertips" 2013 *Bar Journal* Cleveland Metropolitan Bar Association.

Grant JK "Shattering and moving beyond the Gutenberg paradigm: the dawn of the electronic will" 2008-2009 *University of Michigan Journal of Law Reform* 105-139.

Heyink "LSSA Guidelines: Electronic Signatures for South African Firms" 2014 *The Law Society of South Africa*.

Jacobs J and Lambrechts L "Valid or not? General principles for challenging a will" 2013 *De Rebus* 196.

Jacobs J, “The matter of *Henriques v Gilles* NO 2010 (6) SA 51 (SCA confirms the adage that life can be stranger than fiction” 2011 *De Rebus* 35-37.

Jamneck J “Artikel 2(3) van die Wet op Testamente: ’n Praktiese probleem by litigasie” 2008 *Potchefstroom Elektroniese Regstydskrif* 90 - 104.

Jamneck J “Die anomalie veroorsaak deur die uitleg van artikel 2(3) van die Wet op Testamente in *Bekker v Naude* 2003 5 SA 173 (HHA)” 2009 *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg* 502-507.

Jamneck J “Die invloed van die Wet op Testamente 7 van 1953 op die erkende beginsel van rektifikasie en interpretasie van testamente” 1994 *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg* 596-608.

Knoetze E “Die kondoneerbaarheid van ’n onverlyde ‘bankopgestelde’ testament – oplaas regsekerheid?” 2004 *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg* 140-146.

Papadopoulos S “Electronic Wills with an Aura of Authenticity: *Van der Merwe v Master of the High Court and Another*” 2012 *South African Mercantile Law Journal* 93.

Peter J "The Electronic Communications and Transactions Act" 2003 *Advocate* (Johannesburg Bar) 30-32.

Rautenbach C "Formalities of "foreign" internet wills in South Africa and the Netherlands: A storm in a teacup?" 2009 *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg* 241-256.

Roos A “Die Hoogste Hof van Appèl beslis oor artikel 2(3) van die Wet op Testamente” 2005 *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg* 132.

Sanchez EV "Notes on business education: Are we ready for electronic wills?" 2006 *De La Salle University-Manila, College of Business and Economics* (CHED Centre of Development for Business and Management Education).

Schoeman-Malan MC “Diverse probleme rondom die bestaan en geldigheid van ’n testament by die dood van die erflater (deel 2)” 2013 *De Jure* 684 – 707.

Schoeman-Malan MC “Kondonasie vir die opstel en verlyding van ’n testament ingevolge artikel 2(3) van die Wet of Testamente 7 van 1953” 2003 *De Jure* 414-425.

Schoeman-Malan MC en Van der Linde A “Kondonering van vormbrekkige testament-Beginselvertrekpunt tot regsgeldigheid” 1996 *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg* 384-390.

Schoeman-Malan MC, Du Toit F, Van der Linde A en Faber J “Section 2(3) of the Wills Act 7 of 1953: A retrospective and critical appraisal of some unresolved issues”: De Waal MJ en Paleker M *South African Law of Succession and Trusts: The past meeting the present and thoughts for the future* 1ste uitgawe (2014): Juta

Schwarzentraub B "Electronic Wills & the Internet: Is legalxoom Involved In the unauthorized practice of law or is their success simply ruffling the legal profession's feather?" 2012 *The Codisil, Estate Planning and Community Property Journal* Texas Tech University School of Law.

Snail SL "The validity and enforceability of electronic wills" 2006 *De Rebus* 52.

Snail SL en Matanzima S " Electronic wills - beyond the *Macdonald v the Master* decision" 2011 *Without Prejudice* 61-62.

Sonnekus JC "Videotestamente naas skriftelike testamente" 1990 *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg* 114-133.

Staff Reporters " 'iPhone will' upheld by Australian court in landmark ruling" 7 November 2013 *The Australian*.

Van der Linde A "Requirements in terms of section 2(3) of the Wills Act 7 of 1953: Some comments on judgements in recent case law" 2012 *De Jure* 412-425,



Van Staden AR en Rautenbach C "Enkele gedagtes oor die behoefte aan en toekoms van elektroniese testamente" 2006 *De Jure*.

Wood-Bodley MC "The 'Rescue Provisions' of the Wills Act 1953 (as amended)" 1997 *South African Law Journal* 1.

Wood-Bodley MC "Wills, data messages, and the Electronic Communications and Transactions Act" 2001 *South African Law Journal* 526-528.

Wood-Bodley MC "Recent cases: More on section 2(3) and 2A of the Wills Act 1953" 1997 *South African Law Journal* 455-458.

Wood-Bodley MC "Suicide notes, wills, testamentary capacity, and section 2(3) of the Wills Act 7 of 1953: *Smith v Parsons NO*; *Henriques v Giles NO*" 2011 *South African Law Journal* 612-620.

Wood-Bodley MC "Tertius Bosch's final over: *Van Wetten v Bosch*" 2005 *South African Law Journal* 52-58.

### **Suid-Afrikaanse Regskommissie**

*Hersiening van die Erfreg: Testamentsformaliteite*

Projek 22: Werkstuk 14 (1986)

Pretoria: Staatsdrukker.

*Hersiening van die Erfreg*

Projek 22: 1991

Pretoria: Staatsdrukker.

## **Wetgewing**

Electronic Commerce Act No 8792.

Elektroniese Kommunikasie en Transaksie Wet 25 van 2002.

Interpretasie Wet 33 van 1957.

Interpretation Acts 1954 (Queensland).

Law Reform Commission of Saskatchewan Report on Electronic Wills (October 2004).

Nevada Electronic Wills Statute § 133.085 (2006).

Republic Act No 386.

Succession Act 1981 (Queensland).

Tennessee Code Ann.§ 32-1-104 (1984).

Wet op Intestate Erfopvolging 81 van 1987.

Wet op Testamente 7 van 1953.

Wet op Wysiging van die Erfreg 43 van 1992.

Wills, Estates and Succession Act 2014.